# VERTROU GOD TE MIDDE VAN SWAARKRY

*VERTROU GOD TE MIDDE VAN SWAARKRY*

Kopiereg © 2021 deur Love God Greatly Bediening


Toestemming word verleen om hierdie dokument te druk en te herproduseer vir die doel om die *Vertrou God te Midde Van Swaarkry* aanlyn Bybelstudie te voltooi. Moet asseblief nie hierdie dokument op enige manier verander nie. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in Dallas deur Love God Greatly.


Bron vir foto's:
unsplash.com

Bron vir resep:
Vicky, LGG Birmaanse Takleier

Bron vir inligting en data:
Joshua Project, joshuaproject.net/languages/mya, inligting verkry Oktober, 2021.

WANNEER VROUE
TOEGERUS IS MET DIE
KENNIS VAN GOD SE
WAARHEID, WORD DIE
WÊRELD VERANDER,
EEN VROU OP 'N SLAG.





HIERDIE STUDIEGIDS BEHOORT AAN

........................................................................................................

DATUM

............ \ ............ \ ............





INHOUD


*003* **WELKOM**
*005* **INLIGTING OOR LGG**
*006* **ONS MISSIE**
*008* **SOAP BYBELSTUDIE METODE**
*013* **GETUIENIS**
*014* **WÊRELDWYE BEDIENING**
*016* **RESEP**
*018* **KEN HIERDIE WAARHEDE**
*023* **INLEIDING**
*024* **LEESPLAN**
*027* **DOELWITTE**
*029* **WEEK 1**
*055* **WEEK 2**
*087* **WEEK 3**
*117* **WEEK 4**
*145* **OORBRUGGINGSPLAN**
*147* **OORBRUGGINGSPLAN WEEK 1**
*161* **OORBRUGGINGSPLAN WEEK 2**
*175* **SLUIT BY ONS AAN**
*177* **VIR JOU**

*Vir Jou*

IS DAAR
GEBID; DIT IS
GEEN TOEVAL
DAT JY AAN
HIERDIE STUDIE
DEELNEEM NIE.

**WELKOM!**

Ons is verheug dat jy besluit het om by ons aan te sluit vir hierdie Bybelstudie! Weet dat daar vir jou gebid is; dit is geen toeval dat jy aan hierdie studie deelneem nie.

Ons gebed vir jou is eenvoudig: dat jy nader aan God sal groei soos jy jouself daagliks in sy Woord verdiep! Voordat jy begin om die aangewese Bybelverse vir die dag te lees, bid en vra God om jou te help om dit te verstaan. Vra Hom om deur sy Woord met jou te praat. Luister dan. Glo dat Hy getrou sal wees om tot jou te spreek. Wees getrou om te luister en te gehoorsaam.

Neem tyd om die verse oor en oor te lees. Die Bybel leer vir ons dat wanneer ons wysheid soek soos ons silwer sou soek, en dit opspoor soos 'n verborge skat, dan sal ons weet hoe om die Here te dien en sal ons ontdek wat dit is om God te ken. (Spr. 2:4-5)

Almal van ons hier by Love God Greatly kan nie wag vir jou om te begin nie, en ons hoop om jou by die wenstreep te sien. Volhard, druk deur; moenie opgee nie! Eindig sterk met dít waarmee jy vandag begin.

Ons sal elke tree van die pad hier wees om jou aan te moedig! Ons is met jou. Kom ons sien wat God vir ons wil openbaar in hierdie studie. Reis saam met ons soos ons leer om God heelhartig met ons lewens lief te hê!

*ONS HET MEKAAR NODIG EN ONS LEEF DIE LEWE BETER WANNEER OM SAAM MET ANDER IS. SAL JY DIT OORWEEG OM UIT TE REIK EN HIERDIE STUDIE SAAM MET IEMAND TE DOEN?*





Love God Greatly bestaan om vroue reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus om God heelhartig lief te hê met hulle lewens.

Ons wil vroue INSPIREER om God se Woord 'n prioriteit te maak in hulle daaglikse lewens, deur middel van ons Bybelstudie hulpbronne.

Ons wil vroue AANMOEDIG in hulle daaglikse lewenswandel met God, deur middel van 'n aanlyn gemeenskap en persoonlike aanspreeklikheid.

Ons wil vroue TOERUS om in hulle geloof te groei, sodat hulle effektief ander mense vir Christus kan bereik.

Ons begin met 'n eenvoudige Bybelleesplan, maar dit eindig nie daar nie. Sommige vroue kom bymekaar in hulle huise en plaaslike kerke, terwyl ander aanlyn met vroue reg oor die wêreld inskakel. Watter metode ookal gebruik word, ons vou liefdevol ons arms om mekaar en verenig vir hierdie doel: om God heelhartig met ons lewens lief te hê.

By Love God Greatly sal jy ware, lewensegte vroue vind. Vroue wat minder van mekaar, en baie meer van Jesus begeer. Vroue wat daarna smag om God deur sy Woord te ken, want ons weet dat Waarheid ons hervorm en vrymaak. Vroue wat beter is wanneer hulle saam is, versadig in God se Woord en in 'n gemeenskap met mekaar.

Love God Greatly is toegewyd om kwaliteit Bybelstudiemateriaal te voorsien en glo dat finansies nooit in die pad moet staan van enige vrou om te kan deelneem aan een van ons Bybelstudies nie. Alle joernale is beskikbaar om gratis afgelaai te word van LoveGodGreatly.com

Ons joernale en boeke kan ook op Amazon gekoop word. Soek vir "Love God Greatly" om al ons Bybelstudie joernale en boeke te sien.

## *JY SAL VROUE VIND WAT ONVOLMAAK EN TOG VERGEWE IS.*

Love God Greatly is 'n 501 (C)(3) nie-winsgewende organisasie. Bevondsing vir Love God Greatly kom van donasies en opbrengste van ons aanlyn Bybelstudie joernale en boeke.

Een-honderd persent van die opbrengs gaan direk terug in die ondersteuning van Love God Greatly en help ons om vrouens reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus met God se Woord.

Arm-in-arm en hand-in-hand, kom ons doen dit saam.

# ONS MISSIE





## DIE BEHOEFTE

Biljoene vroue reg oor die wêreld het nie toegang tot God se Woord in hul eie moedertaal nie. Diegene wat wel 'n Bybel in hul eie taal het, het nie altyd Bybelstudiemateriaal wat spesiaal vir vroue ontwikkel is nie.

## DIE MISSIE

Love God Greatly bied Bybelstudies in meer as 30 tale aan. Ons rus sendelinge, Christelike organisasies, plaaslike kerke en vroue op 'n ongeëwenaarde wyse toe met God se Woord, deur toe te laat dat ons joernale gratis van ons internasionale webblaaie afgelaai kan word.

Deur die Bybel in hul eie taal te bestudeer met eensgesinde vroue, leer vroue meer oor God se Woord en word hulle daarmee toegerus.


Ons glo dat wanneer vroue God se Woord lees, dit toepas op hul lewens en God se onveranderende liefde vir hulle met ope arms aanneem, is die wêreld 'n beter plek. Ons weet dat een vrou wat God se Woord lees, 'n verandering kan bring in haar familie, haar gemeenskap en haar land... een vrou op 'n slag.

## SLUIT BY ONS AAN

Ons wil graag hê dat jy by ons aansluit in ons missie om alle vroue oor die wêreld die geleentheid te bied om toegang te hê tot God se Woord en kwaliteit Bybelstudiehulpbronne! Stuur gerus vir ons 'n e-pos of besoek ons aanlyn indien jy enige vrae het of meer inligting benodig. Ons hoor graag van jou!

INFO@LOVEGODGREATLY.COM
LOVEGODGREATLY.COM




*BY LOVE GOD GREATLY*
*ONTWIKKEL ONS BYBELSTUDIES*
*IN MEER AS 30 TALE.*


## SOAP

*Bybelstudiemetode*

By Love God Greatly, glo ons dat God se Woord lewend en aktief is. Die woorde van die Skrif is kragtig en effektief en toepaslik vir lewe in alle tye en alle kulture. Om die Bybel korrek te interpreteer moet ons 'n begrip hê van die konteks en die kultuur van die oorspronklike geskrifte.


Ons gebruik die SOAP Bybelstudie metode wanneer ons die Bybel bestudeer. Dit staan vir Scripture, Observation, Application, and Prayer (Skrifgedeelte, Waarneming, Toepassing en Gebed). Dit is een ding om eenvoudig die Skrif te lees. Wanneer jy interaksie het met die Woord, doelbewus jou tyd neem om werklik daaroor na te dink, begin waarhede vir jou uitstaan. Die SOAP metode maak dit vir jou moontlik om dieper in die Bybel te delf en meer te sien as wanneer jy net die verse lees. Dit help ons om nie net te hoor wat die Woord sê nie, maar om te doen wat die Woord sê (Jak. 1:22).

*OM DIE BYBEL TE LEES IS NIE 'N VERSPILLING VAN TYD NIE. GOD SE WOORD IS LEWEND, KRAGTIG EN EFFEKTIEF, EN HY SPREEK TOT ONS DAARDEUR.*




In hierdie studiegids lees ons 'n Skrifgedeelte en pas dan die SOAP metode toe op spesifieke verse. Hierdie metode help ons om 'n beter begrip van die Bybel te kry, wat ons dan toelaat om dit effektief in ons lewens toe te pas.


Die mees belangrike bestanddele van die SOAP metode is jou interaksie met God se Woord en jou toepassing daarvan in jou lewe. Neem jou tyd om dit nougeset te bestudeer, en om die waarheid van God se karakter en sy hart vir die wêreld te ontdek.




*Om God se Woord te bestudeer kan 'n uitdaging wees en selfs verwarrend. Ons gebruik die SOAP metode om te help om ons studie te vereenvoudig en te fokus op sleutelverse.*

**SOAP**

*Bybelstudiemetode*


SOAP
WEEK 1 • MAANDAG

SOAP / *Openbaring 12:10, 2 Tessalonisense 3:3*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

Openbaring 12:10
Toe het ek 'n stem in die hemel gehoor wat hard uitgeroep het: "Nou het ons God die redding gebring, nou is sy mag en koninskap hier, en die gesag van die Gesalfde! Die aanklaer van ons medegelowiges is uit die hemel uit gegooi, hy wat hulle dag en nag voor ons God aangekla het."

2 Tessalonisense 3:3
Die Here is getrou; Hy sal Julle versterk en Julle van die Bose bewaar.

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

Harde stem, kragtig
Ons word daagliks aangekla - konstante stryd
Die Here sal my help, versterk en bewaar.
Hy is altyd daar.
Hy is konstant, 'n beskermer in my lewe, bewaarder

32

S
STAAN VIR
SCRIPTURE
(SKRIFGEDEELTE)

*Skryf die SOAP vers neer.*

*Jy sal verbaas wees oor wat God aan jou sal openbaar wanneer jy rustig tyd neem om dít wat jy lees, neer te skryf!*

O
STAAN VIR
OBSERVATION
(WAARNEMING)

*Wat sien jy in die verse wat jy lees?*

*Wie is die gehoor vir wie hierdie geskryf is? Is daar 'n herhaling van woorde?*


*Watter woorde staan vir jou uit?*

## A STAAN VIR APPLICATION (TOEPASSING)

*Dit is waar God se Woord persoonlik word.*

*Wat sê God vandag vir jou? Hoe kan jy dít wat jy nou net gelees het, toepas in jou eie lewe?*

*Watter veranderinge moet jy maak? Is daar iets wat jy moet doen?*


APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

Herinner myself dat God se krag sterker is as enige iets anders.
Memoriseer hierdie verse en sê dit hardop elke dag hierdie week.
Vra God om my geloof in Hom te versterk.
Vertrou God dat Hy my van die bose sal bewaar.
Bid vir my broers en susters in Christus.

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

Dierbare Here,
Dankie dat U konstant, getrou en liefdevol teenoor my is.
Help my om daagliks en deur moeilike tye my vertroue en geloof in U te verdiep.
Help my om te weet dat U altyd by my is om my te beskerm. Herinner my aan ander se lyding en help my om hulle in hul groei te bemoedig.
Ek vra dit alles in Jesus se naam.
Amen.

33

## P STAAN VIR PRAYER (GEBED)

*Bid God se Woord terug na Hom.*

*Spandeer tyd om Hom te dank.*

*Indien Hy iets aan jou geopenbaar het tydens hierdie tyd in sy Woord, bid daaroor.*

*Indien Hy sonde in jou lewe geopenbaar het, bely dit.*

*En onthou, Hy het jou innig lief.*



HOOGTEPUNTE VAN ONS WÊRELDWYE BEDIENING

## GETUIENIS

*LGG Birmaanse Takleier*

Die Here het my gesin na Mianmar geroep om sendelinge te wees. Nadat ons daarheen verhuis het, het ek gou agtergekom hoe moeilik die taal is, en ek het getwyfel of ek dit sou kon aanleer. God het egter ‘n begeerte in my hart geplaas om vroue in Mianmar met sy Woord te bereik.

Ek het die Birmaanse Love God Greatly-tak begin lei, volkome in geloof. Ek het niks van vertaalwerk af geweet nie, maar het geweet dat God my hierheen gelei het. Ek het daarom gehoorsaam alhoewel ek nie die besonderhede verstaan het nie.

Na twee jaar van op- en afdraandes, het ek dit oorweeg om tou op te gooi. My vertaalspan was net ek en een ander vrou, en ek het steeds gesukkel met die taal. Nadat ek tyd saam met ander Love God Greatly-takleiers deurgebring het, het ek soos ‘n bedrieër gevoel. Wie was ek vergeleke met hierdie geloofsvroue? Ek het nie eens die taal geken nie!

Ek het begin bid vir ’n span vroue met ‘n passie vir God, wat God se Woord koester en die visie van Love God Greatly gesien het. Ek is bemoedig daar weg, maar het steeds onbevoeg gevoel. Ek het geweet dat elkeen in my span dieselfde passie moes deel om die Here te dien as ons vordering wou maak.


Ek het die volgende maand onvoorsiend saam met my man wat in ‘n lewensgevaarlike toestand verkeer het, in die hospitaal deurgebring. Ek het my in God se Woord verdiep en by God vir my man gepleit. Die ondersteuning vanaf ons Love God Greatly-span het my oorweldig. Nie net het hulle vir my gesin gebid nie, maar hulle het ook langs my ingeval en my gehelp om ‘n nuwe span op te rig. Ek was nie meer alleen nie.

*EK WAS NIE MEER ALLEEN NIE.*

My lewe het ‘n mallemeule van teenspoed gebly, maar die Here het my omring met die vroue vir wie ek gebid het. Ek het die meeste van die vroue al jare lank geken, maar nog nooit tevore gewaag om hulle te vra om saam met my te dien nie. Soms weet of verstaan ons nie hoekom God ons roep om sekere dinge te doen nie, maar ons kan kies om Hom te vertrou en te volg, maak nie saak wat nie.

*Vicky*

| TAAL | HOEVEEL MENSE WÊRELDWYD PRAAT HIERDIE TAAL | OM MET HIERDIE TAK IN AANRAKING TE KOM: |
|---|---|---|
| Birmaans | 32,353,000 | Facebook: facebook.com/lgg.burmese<br>Email: lggburmese@gmail.com<br>Website: lovegodgreatly.com/burmese |





Ken jy iemand wat by ons Love God Greatly Bybelstudies in die Birmaanse taal sou kon baat vind?

Indien wel, vertel hulle dan van al die wonderlike Bybelstudiebronne wat ons verskaf om hulle met God se Woord te help toerus!

HOOGTEPUNTE VAN ONS WÊRELDWYE BEDIENING

## WÊRELDWYE BEDIENING

*LGG Birmaanse Takleier*




### HOE KAN JY VIR HIERDIE TAK BID?

- Bid vir wysheid en God se leiding vir hierdie tak
- Bid vir meer vrywilligers om met sosiale media, die webtuiste, vertaling en proeflesing te help
- Bid dat God ons spanlede se unieke gawes tot sy eer sal gebruik
- Bid vir die veiligheid van ons spanlede in Mianmar en dat God sal aanhou om ons toe te rus met volharding en geloof in tye van groot beproewing

### SAL JY GRAAG WIL HELP?

info@lovegodgreatly.com

**RESEP**

*LGG Birmaanse Takleier*

# Ryspoeding

## BESTANDDELE

1½ KOPPIES GAAR RYS
2 KOPPIES MELK
(VERDEEL)
⅓ KOPPIE SUIKER
¼ TEELEPEL SOUT
1 EIER
1 EETLEPEL BOTTER
½ EETLEPEL VANIELJE
½ TEELEPEL KANEEL

## AANWYSINGS

Meng rys, 1½ koppies melk, suiker en sout in ‘n pot oor medium hitte.

Kook tot dik, sowat 15–20 minute.

Voeg die oorblywende ½ koppie melk en eier by.

Verlaag die hitte en kook vir nog 2 minute, terwyl aanhoudend geroer word.

Verwyder van hitte en voeg vanielje, kaneel en botter by.

Bedien en geniet saam met enige toevoeging: rosyne, vrugte, neute of ‘n bietjie melk.



## KEN HIERDIE WAARHEDE

### *GOD HET JOU LIEF*

God se Woord sê, "God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê" (Joh. 3:16).

### *ONS SONDE SKEI ONS VAN GOD*

Ons is almal van nature en deur keuses sondaars, en as gevolg van dit is ons geskei van God, wat heilig is. God se Woord sê, "Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie" (Rom. 3:23).

### *JESUS HET GESTERF SODAT JY LEWE KAN HÊ*

Die gevolg van sonde is die dood, maar God se gratis geskenk van verlossing is aan ons beskikbaar. Jesus het die straf vir ons sonde gedra toe Hy aan die kruis gesterf het.

God se Woord sê, "Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus" (Rom. 6:23); "Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was" (Rom. 5:8).

### *JESUS LEEF!*

Die dood kon Hom nie vashou nie, en drie dae nadat Sy liggaam in die graf geplaas is, het Hy opgestaan, en sonde en die dood vir ewig oorwin! Hy leef vandag in die hemel en is besig om 'n plek in die ewigheid voor te berei vir almal wat in Hom glo.

Jesus sê, "In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is" (Joh. 14:2-3).

## *WEET DAT JY VERGEWE KAN WORD*

Om Jesus as jou Verlosser te aanvaar gaan nie oor wat jy kan doen nie, maar eerder om geloof te hê in wat Jesus alreeds gedoen het. Dit verg dat jy herken dat jy 'n sondaar is, dat jy glo dat Jesus vir jou sondes gesterf het, en dat jy vergifnis vra, deur jou volle vertroue te plaas in Jesus se werk aan die kruis om jou onthalwe.

God se Woord sê, "As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en word ons vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered" (Rom. 10:9-10).

## *NEEM JESUS SE GRATIS GESKENK VAN VERLOSSING AAN*

Hoe lyk dit prakties? Met 'n opregte hart kan jy 'n eenvoudige gebed soos hierdie bid:

Jesus,
Ek weet dat ek 'n sondaar is. Ek wil nie nog 'n dag leef sonder om u liefde en vergifnis met ope arms aan te neem nie. Ek vra vir u vergifnis. Ek glo dat U vir my sondes gesterf het en uit die dood opgestaan het. Ek gee alles wat ek is oor, en vra U om die Here van my lewe te wees. Help my om weg te draai van my sonde en U te volg. Leer my om te weet wat dit beteken om in vryheid te wandel soos ek onder u genade leef, en help my om te groei in u weë, soos ek daarna streef om U beter te ken.
Amen.

## *SKAKEL IN EN GROEI*

As jy nou net hierdie gebed gebid het (of iets soortgelyks in jou eie woorde), sal ons graag met jou wil kontak maak.

Jy kan vir ons 'n e-pos stuur by info@lovegodgreatly.com. Ons wil dit graag saam met jou vier, saam met jou bid en jou help om met 'n plaaslike kerk in aanraking te kom. Ons is hier om jou aan te moedig soos jy jou nuwe lewe as 'n kind van God begin.



# Kom Ons Begin

VERTROU GOD TE MIDDE
VAN SWAARKRY



# Inleiding

Maak nie saak waarheen ons draai nie, lyding blyk oral om ons te wees. As ons saans die TV aanskakel, sien ons dit op die nuus. Elke dag hoor ons van meer sterftes, meer bakleiery en meer onenigheid – ongeag die land, stad of mense. As ons aanlyn gaan, sien ons lyding in die foto's, video's en getuienisse wat gedeel word. Wanneer ons mekaar in die oë kyk, kan ons die letsels daarvan sien.

Vir baie van ons voel die wêreld buite beheer en lyk dit of dit by die dag vererger. Die lyding wat ons aanskou en ervaar, kan oorweldigend wees. Dit lyk asof een hartverskeurende gebeurtenis lei tot 'n ander, en baie mense het begin wonder waar God is te midde van al die hartseer. Met al die pyn, al die boosheid, al die lyding wat mense ervaar, sien God dit raak of, nog erger, gee Hy selfs om?

Ons het almal al baie storms deurstaan. Met 'n wêreldwye pandemie, natuurrampe, verandering in werk, verhuising, gebroke verhoudings, sterftes en gesondheidskomplikasies, is ons almal goed bekend met hartseer en pyn. Sommige dae voel meer as wat ons kan hanteer. Lyding het my geleer om op nuwe maniere tot die Here te roep. Die gebeure wat plaasvind, nie net in my persoonlike lewe nie, maar wêreldwyd, het by my 'n begeerte geskep om meer oor weeklag te leer.

Deur my lyding het ek talle kere na die boek Psalms geblaai, terwyl ek die hartseer wat ek in my hart gevoel het, in woorde probeer omskryf het. Baie keer wanneer ek Dawid se klaagpsalms gelees het, het ek my kop instemmend geknik. Nooit tevore kon ek die hartseer van Klaagliedere en Jeremia se gebrokenheid verstaan soos nou nie.

Lyding se doel is ons ondergang, maar dit hoef nie so te wees nie.

Dis my gebed dat jy, terwyl jy met hierdie studie besig is, sal leer dat dit goed is vir jou om tot die Here te roep in smart, hartseer, onreg en pyn. Dawid, Jeremia en Paulus het vir ons die belangrikheid daarvan om te treur te midde van ons lyding goed gemodelleer. Soos elkeen van hulle, bid ek dat jy sal leer om God op 'n dieper vlak te vertrou en op die ou einde, leer om te verheug, selfs in jou hartseer.

*EK BID DAT JY SAL LEER OM GOD OP 'N DIEPER VLAK TE VERTROU EN OP DIE OU EINDE, LEER OM TE VERHEUG, SELFS IN JOU HARTSEER.*

Jy is nie alleen in jou pyn, hartseer en lyding nie. Jesus het daardie pad al voorheen gestap en Hy sal dit weer saam met jou stap, elke tree van die pad. Wat Satan beplan om te gebruik as ons ondergang, sal God gebruik om ons geloof te versterk. Roep dus tot die Here in jou lyding; jy hoef nie langer die trane terug te hou nie. Jesus verstaan en Hy treur saam met jou. Ek bid dat jy deur hierdie studie ook sal leer om God te vertrou te midde van jou lyding en gereeld die dissipline van weeklag sal beoefen.

## LEESPLAN

### WEEK 1
Onthou Waarheid

- ○ *Maandag—Onthou God se getrouheid*
  Lees: Psalm 77
  SOAP: Psalm 77:11-12
- ○ *Dinsdag—Waarom, O Here?*
  Lees: Psalm 10
  SOAP: Psalm 10:1
- ○ *Woensdag—Die Bron van Ons Krag*
  Lees: Psalm 22
  SOAP: Psalm 22:20
- ○ *Donderdag—'n Hart van Berou*
  Lees: Psalm 51
  SOAP: Psalm 51:19
- ○ *Vrydag—Hoe Lank, O Here?*
  Lees: Psalm 13
  SOAP: Psalm 13:6

### WEEK 2
Leer om te Weeklaag

- ○ *Maandag—Die Here se Toorn*
  Lees: Klaagliedere 1
  SOAP: Klaagliedere 1:12
- ○ *Dinsdag—Gehuil en Vernietiging*
  Lees: Klaagliedere 2
  SOAP: Klaagliedere 2:11
- ○ *Woensdag—Groot is Sy Getrouheid*
  Lees: Klaagliedere 3
  SOAP: Klaagliedere 3:21–24
- ○ *Donderdag—Die Dieptes van Lyding*
  Lees: Klaagliedere 4
  SOAP: Klaagliedere 4:17
- ○ *Vrydag—Herstel Ons, Here*
  Lees: Klaagliedere 5
  SOAP: Klaagliedere 5:21




**WEEK 3**

Draai na Vertroue

- ◯ *Maandag—Ons Komende Glorie*
  Lees: Romeine 8:18–39
  SOAP: Romeine 8:18
- ◯ *Dinsdag—Volharding in Hoop*
  Lees: Romeine 8:18–39
  SOAP: Romeine 8:24–25
- ◯ *Woensdag—Hulp in Swakheid*
  Lees: Romeine 8:18–39
  SOAP: Romeine 8:26
- ◯ *Donderdag—Vertrou God se Soewereiniteit*
  Lees: Romeine 8:18–39
  SOAP: Romeine 8:31–32
- ◯ *Vrydag—Die Krag van God se Liefde*
  Lees: Romeine 8:18–39
  SOAP: Romeine 8:38–39

**WEEK 4**

Kies om te Loof

- ◯ *Maandag—Verander Rou in Dans*
  Lees: Psalm 30
  SOAP: Psalm 30:12-13
- ◯ *Dinsdag—Onthou Sy Getrouheid*
  Lees: Psalm 9
  SOAP: Psalm 9:11
- ◯ *Woensdag—Vier Sy Verlossing*
  Lees: Psalm 116
  SOAP: Psalm 116:12–13
- ◯ *Donderdag—Prys Die Here!*
  Lees: Psalm 106
  SOAP: Psalm 106:48
- ◯ *Vrydag—Die Een wat Lofwaardig is*
  Lees: Psalm 145
  SOAP: Psalm 145:2–3



# JOU DOELWITTE

Skryf drie doelwitte neer waarop jy graag wil fokus elke dag wanneer jy God se Woord bestudeer. Maak seker dat jy gedurende die volgende paar weke terugverwys na hierdie doelwitte om jou te help om gefokus te bly. Jy kan dit doen!

## EEN

## TWEE

## DRIE



*En U, Here –*
*moet tog nie so*
*ver bly nie.*
*Bron van my*
*krag, help my*
*tog gou!*

*Psalm 22:20*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

.............................................................................................................

.............................................................................................................

.............................................................................................................

.............................................................................................................

.............................................................................................................

.............................................................................................................

.............................................................................................................

.............................................................................................................

.............................................................................................................

.............................................................................................................

.............................................................................................................

.............................................................................................................

.............................................................................................................

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Dink na oor 'n tyd in jou lewe toe jy dit moeilik gevind het om tot God te nader as gevolg van jou lyding. Skryf die moeilike vrae wat jy gevra het, wat blyk of dit nie die God wat jy ken weerspieël nie, neer. Spandeer hierdie week tyd om dit aan God te gee in klaaggebede.*

.............................................................................................................

.............................................................................................................

.............................................................................................................

.............................................................................................................

.............................................................................................................

.............................................................................................................

.............................................................................................................

.............................................................................................................

**LEES**

*Week 1 • Maandag*

*Psalm 77*

1 Vir die koorleier. Ter herinnering. Van Asaf. ‘n Psalm. 2
Ek roep na God om hulp, ek roep na God, want Hy sal my
hoor. 3 In my noodsoek ek hulp by die Here; ook in die
nag bly my hande in gebed uitgestrek sonder om moeg te
word; maar ek vind geen troos nie. 4 Ek dink aan God en
ek sug, ek dink na en ek is verslae. Sela 5 U laat my wakker
lê, ontsteld en sprakeloos. 6 Ek dink aan vroeër dae, aan
jare lank gelede. 7 As ek so in die nag lê en terugdink en
peins, vra ek my af: 8 “Sal die Here vir altyd verstoot en
nooit weer genade betoon nie? 9 Het daar vir altyd ‘n einde
gekom aan sy trou? Geld sy beloftes dan glad nie meer nie?
10 Het God vergeet om medelye te hê? Het Hy in sy toorn
sy ontferming onttrek?” Sela 11 En ek sê: “My grootste
smart is dat die Allerhoogste nie handel soos voorheen
nie.” 12 Ek wil dink aan die dade van die Here, ja, ek wil
dink aan u wonderdade van vroeër. 13 Ek wil nadink oor
al u werk en oor al u dade peins. 14 Alles wat U doen, is
heilig, o God. Waar is ‘n god so groot soos God? 15 U is
die God wat wonderdade doen; U het u mag onder die
volke geopenbaar. 16 U het u volk deur u krag gered, die
kinders van Jakob en Josef. Sela 17 Toe die waters U sien,
o God, toe die waters U sien, het hulle gebewe, die diep
waters het gesidder. 18 Die wolke het water uitgegiet, uit
die donderwolke het dit gedreun, u weerligte het in alle
rigtings geblits. 19 U donderslae het die lugruim gevul,
weerligstrale het die wêreld verlig, die aarde het geskud en
gebewe. 20 U het deur die see gekom, u weg deur magtige
waters gebaan. Niemand het u spoor gesien nie. 21 U het
u volk soos ‘n kudde gelei deur die hand van Moses en
Aäron.

## SOAP

WEEK 1 • MAANDAG

**SOAP** / *Psalm 77:11-12*

**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

**DAGSTUKKIE**

WEEK 1 • MAANDAG

## SOAP

*Psalm 77:11–12*

*En ek sê: "My grootste smart is dat die Allerhoogste nie handel soos voorheen nie." Ek wil dink aan die dade van die Here, ja, ek wil dink aan u wonderdade van vroeër.*

## OORDENKING

Ons kan geskok of verras voel om hierdie rou, eerlike en kwesbare woorde in die Bybel te lees. Meeste van ons hoor nie gebede soos Psalm 77 in ons kerke nie, en ons is dalk onseker of dit selfs gepas is om op hierdie manier met God te praat.

Wanneer ons hierdie psalms lees, vind ons ernstige, desperate uitroepe. Hierdie skrywers was vol vertroue in God se karakter. Wanneer hulle omstandighede nie ooreengestem het met wat hulle van God geweet het nie, het hulle geweeklaag.

Soos ons in hierdie studie saam die kuns aanleer om te weeklaag, mag ons vroue word wat so veilig voel in ons verhouding met God en wat die beloftes wat Hy aan ons gemaak het vertrou, dat ons vrylik en Bybels die lyding van hierdie wêreld kan betreur.

Psalm 77 bied soveel insig in wat ware Bybelse weeklag is. Hierdie psalm is 'n praktiese voorbeeld van hoe ons weeklag in ons eie lewens kan beoefen. Weeklag is bloot om ons gebroke harte met die Here te deel. Dit is die taal van God se mense wat die Here ken en liefhet en wat bewus is dat hulle in 'n gebroke, donker wêreld leef. Die lewe is nie veronderstel om so te wees nie. Sonde het die wêreld binnegedring en dit vir altyd verander. Die lewe wat God vir ons in gedagte gehad het, is vir altyd besoedel deur hartseer en pyn.

Maar God het ons in sy barmhartigheid en genade toegerus met 'n Bybelse manier om hierdie gevoelens, situasies en pyn te hanteer. Hy het vir ons weeklag gegee.

In ons gelese gedeelte vandag herinner die Psalmis ons daaraan dat selfs wanneer ons voel dat alles verlore is – selfs wanneer ons onherstelbaar voel, hartgebroke en diep gewond is deur die sonde in en om ons – ons steeds al die wonderlike dade van die Here kan onthou. Eintlik word ons aangemoedig om dit te doen. Dit is belangrik dat ons onthou wat God in die verlede gedoen het, want ons weet Hy is getrou; as Hy dit al voorheen gedoen het, sal Hy dit weer doen. Ons kan slegs onthou as ons hierdie kennis eers in ons gedagtes en harte gebêre het. Dit is hoekom die daaglikse lees van God se Woord so 'n belangrike dissipline in die lewe van 'n Christen is.

Ons kan in geloof weeklag, met die wete dat ons God ons nooit sal los of verlaat nie, vol vertroue dat Hy getrou en soewerein bly oor alles.

**L E E S**

*Week 1 • Dinsdag*

*Psalm 10*

1 Waarom staan U so ver weg, Here? Waarom trek U U terug
in tye van nood? 2 Die goddeloses is vol van hulleself, hulle
vervolg ‘n hulpelose man. Laat hulle gevang word deur die
sluwe planne wat hulle self uitgedink het. 3 Die goddelose
verlustig hom nou al in wat hy hoop om in die hande te kry. Die
een wat hom wil verryk ten koste van ‘n ander, wens homself
by voorbaat geluk. Hy verag die Here. 4 Neus in die lug sê hy:
“God vra tog geen rekenskap nie!” In al sy planne is daar geen
plek vir God nie. 5 Dit gaan mos altyd goed met wat hy aanpak.
U oordele is vir hom te ver weg, buite sy gesigsveld. Hy snork
met veragting oor al sy vyande. 6 Hy dink: ek sal nie wankel
nie en die ongeluk sal my nooit tref nie. 7 Hy lê ‘n vloek op
almal, hy onderdruk en bedrieg, hy bedink onheil en onreg.
8 Hy lê onskuldiges voor agter die heinings en vermoor hulle
in die geheim. Hy loer rond in die donker. 9 Hy lê op die loer
in ‘n wegkruipplek soos ‘n leeu agter ‘n bos, hy lê op die loer
om die hulpelose te vang. Hy vang hom en trek hom vas in sy
net, 10 hy slaan hom dat hy inmekaar sak. So kry hy die arme
mens in die hande. 11 Hy sê vir homself: “God steur Hom nie
daaraan nie, Hy kyk weg, Hy sal dit nooit raaksien nie.” 12
Kom tog, Here! Toon u mag, o God! Moet die hulpeloses tog
nie vergeet nie. 13 Hoe durf die goddeloses God verag en reken
Hy sal hulle nie uitvind nie? 14 En die hele tyd het U dit gesien,
die lyding en verdriet. U let daarop en maak daar ‘n einde aan.
Op U verlaat die ongelukkige hom, ook vir die weeskind is U
‘n helper. 15 Verbreek tog die magsgreep van die goddelose en
van die misdadiger, straf sy misdade! Moenie een enkele van
sy misdade verskoon nie. 16 Die Here bly altyd koning, die
vyande is uit sy land verdryf. 17 U het die gesmeek van die
hulpeloses gehoor, Here. U gee hulle nuwe moed. U verhoor
hulle gebed. 18 U behartig die regsaak van die weeskind en van
die mens in nood, sodat niemand op aarde langer in vrees hoef
te lewe nie.

## SOAP

WEEK 1 • DINSDAG

SOAP / *Psalm 10:1*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## SOAP

*Psalm 10:1*

*Waarom staan U so ver weg, Here?*
*Waarom trek U U terug in tye van nood?*

## OORDENKING

Die lewe is moeilik. Ons word van koers af gebring en is moeg. Soms voel dit of God so ver en stil is. Gee Hy ooit om? Waarom laat Hy lyding toe? Kan Hy nie iets doen nie? Ons het almal een of ander tyd met hierdie vrae geworstel—of dalk is ons nou in die middel van ‘n worsteling daarmee.

Dit is ‘n groot troos om te sien dat die woorde van Psalm 10:1 in die Bybel opgeneem is. Ons kan hoop vind in die wete dat ons nie alleen is nie. Jy is nie die enigste een wat hierdie vrae vra en oor hierdie dinge wonder nie.

Daar is tye en situasies wat ons verstom laat oor hoekom God niks doen om te genees, reg te maak en te verlos nie. Ons ken God se karakter en dit lyk nie of dit ooreenstem met wat ons in die wêreld rondom ons sien gebeur nie – hoe kan Hy stilbly?

In sulke tye kan weeklag ons harte help om in geloof te rus en gehoorsaam te bly aan God se Woord. God beweeg altyd, werk altyd en is nooit ver nie. In Eksodus 34:6 beskryf God Homself as: “Ek, die Here, is die barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou.” Ons moet dit onthou. Ons moet sy karakter onthou, al die dinge wat ons weet waar is, en al die wonderlike dinge wat Hy gedoen het, nie net in ons eie lewens nie, maar ook in die lewens van ander deur die geskiedenis en in die lewens van diegene in die Bybel.

Om God se Woord te lees en elke dag tyd te neem om dit in diepte te bestudeer, is nie net ‘n lieflike gewoonte van ‘n Christen nie. Dit is die kragtige gewoonte van ‘n vroulike vegter, vroue soos jy wat in ‘n gebroke wêreld leef, maar ‘n goeie, liefdevolle en soewereine God vertrou. Kom ons leer om te weeklaag deur al die tye wat ons voel asof die Here stil en ver weg is, terwyl ons heeltyd vertrou op wat ons weet waar is: Hy is barmhartig, genadig, lankmoedig, vol liefde en trou.

**LEES**

*Week 1 • Woensdag*

*Psalm 22*

1 Vir die koorleier: op die wysie van "Die wildsbok van die
daeraad". 'n Psalm van Dawid. 2 My God, my God, waarom
het U my verlaat en bly U ver as ek om hulp roep? 3 My
God, ek roep bedags en U antwoord nie, ook snags, maar ek
kry geen rus nie. 4 U is tog die Heilige wat woon waar die
lofsange van Israel weerklink! 5 Op U het ons voorvaders
vertrou. Hulle het vertrou en U het hulle gered. 6 Hulle
het na U om hulp geroep en hulle is bevry; op U het hulle
vertrou en hulle is nie beskaam nie. 7 Maar ek is 'n wurm,
nie 'n mens nie. Ek word deur die mense bespot en deur
die volk verag. 8 Almal wat my sien, spot my, hulle steek
vir my tong uit en knik met voldoening die kop en sê: 9
"Laat dit aan die Here oor! Laat Hý hom red, laat Hý hom
bevry as Hy dan so baie van hom hou." 10 U het my die
eerste lewenslig laat sien, my veilig laat rus aan die bors van
my moeder. 11 Van my geboorte af is ek onder u sorg, van
die begin van my lewe af is U my God. 12 Moet tog nie so
ver van my af weg bly nie, want die nood is naby en daar
is niemand wat help nie. 13 'n Wreedaardige klomp mense
het my omsingel, soos beeste uit Basan staan hulle my toe.
14 Soos verskeurende, brullende leeus storm hulle met oop
bekke op my af. 15 Ek is soos uitgestorte water, al my bene
het uitmekaar geval, my hart het soos was geword, dit smelt
weg in my. 16 Ek is so min werd soos 'n potskerf, my tong
kleef aan my verhemelte, U laat lê my asof ek dood is. 17
Soos honde omsingel hulle my, die bende misdadigers sak
op my toe, hulle bind my hande en voete vas. 18 Al wat
been in my is, kan ek tel; hulle kyk na my met leedvermaak.
19 Hulle verdeel my klere onder mekaar en trek lootjies
oor my mantel. 20 En U, Here – moet tog nie so ver bly
nie, Bron van my krag, help my tog gou! 21 Red my van
die swaard, my kosbare lewe uit die mag van die honde. 22

**LEES**

*Week 1 • Woensdag*

Red my uit die bek van die leeu en tussen die horings van die wilde beeste uit. U het my gebed verhoor! 23 Ek sal tot eer van u Naam getuig in die gemeente, U in die volle vergadering prys. 24 Julle wat die Here dien, prys Hom! Vereer Hom, nageslag van Jakob! Betoon Hom eerbied, nageslag van Israel! 25 Die nood van die hulpelose het Hy nie verontagsaam en gering geskat nie, Hom daarvan nie teruggetrek nie, maar die hulpgeroep na Hom het Hy gehoor. 26 My loflied in die volle vergadering kom van Hom af, my geloftes sal ek nakom voor die mense wat Hom dien. 27 By dié offermaaltyd sal die armes genoeg hê om te eet, en sal dié wat na die wil van die Here vra, Hom prys. Mag hulle lank en gelukkig lewe. 28 Mense oor die hele wêreld sal die Here erken en hulle tot Hom bekeer. Alle volke sal Hom as koning erken, 29 want die koningskap behoort aan die Here; Hy heers oor die volke. 30 Al die rykes van die wêreld sal ook aan dié maaltyd deelneem en Hom as koning erken, ja, alle mense, sterflik en verganklik, sal voor Hom kniel. 31 Die nageslag sal Hom dien, en hulle sal van die Here vertel aan die volgende geslag. 32 Dié sal dan aan die volk wat nog gebore moet word van hierdie verlossingsdaad getuig: die Here het dit gedoen.

**SKRYF**

*jou gedagtes neer*

# SOAP

WEEK 1 • WOENSDAG

**SOAP** / *Psalm 22:20*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## SOAP

*Psalm 22:20*

*En U, Here – moet tog nie so ver bly nie,*
*Bron van my krag, help my tog gou!*

## OORDENKING

Vandag se SOAP-vers is 'n kragtige verkondiging in die middel van 'n Psalm wat moeilik kan wees om te lees. Soveel onreg gebeur, soveel moeilikheid en lyding! Tog verkondig die Psalmdigter: "Maar U, Here..." Hy vertrou op die Here vir sy krag en wag dat God hom sal help.

Die eerste woorde van hierdie Psalm herinner ons aan die angs wat ons Here en Verlosser, Jesus Christus deurgemaak het toe Hy gekruisig is. Hy het Dawid se woorde uit Psalm 22 gebruik en uitgeroep: "My God, my God, waarom het U my verlaat?" (Matteus 27:46). Dit is 'n groot voorreg om die Psalms in die Bybel opgeteken te hê, sodat ons dit vandag vrylik kan lees en gebruik in ons eie weeklag en lyding, met die wete dat Jesus aan hierdie selfde woorde gedink het in die oomblikke voor sy dood.

Daar is krag, en beslis geloof, daarin om te verkondig wat ons nie sien of voel nie, maar weet waar is. Hebreërs 11:1 beskryf geloof as "om seker te wees van wat ons hoop, om oortuig te wees van wat ons nie sien nie". As God se volk, heilig en baie geliefd, moet ons geloof hê te midde van beproewings en lyding om te onthou wie God is, en om dit te verkondig. Ons moet dit oor ons eie moeë, neerslagtige siele spreek, en ons moet dit ook verkondig aan diegene rondom ons, insluitend ons geliefdes, families, vriende en gemeenskap.

Dalk sal God ons lewe en geloof as 'n voorbeeld gebruik vir die mense rondom ons, wanneer hulle kyk hoe ons deur tye van groot pyn en lyding gaan en sien dat ons nie verpletter is nie (2 Korintiërs 4:8-10), en so kan Hy hulle na Hom toe trek wanneer hulle begeer om die bron van ons krag te ken.

Mag ons vroue wees wat selfs in die ergste omstandighede getrou en hoopvol bly. Mag ons altyd ons dierbare Verlosser aan die kruis onthou wat Homself na die Psalms gewend het vir vertroosting te midde van die mees ondraaglike pyn en angs. En mag ons sy voorbeeld volg en na God se Woord draai in ons eie pyn, lyding en bevraagtekening.

**LEES**

*Week 1 • Donderdag*

*Psalm 51*

1 Vir die koorleier. ‘n Psalm van Dawid, na aanleiding daarvan
2 dat die profeet Natan na hom toe gekom het oor sy owerspel
met Batseba. 3 Wees my genadig, o God, in u troue liefde,
wis my oortredings uit in u groot barmhartigheid! 4 Was
my skoon van my skuld, reinig my van my sonde! 5 Ja, my
oortredings ken ek en van my sonde bly ek altyd bewus. 6
Teen U alleen het ek gesondig, ek het gedoen wat verkeerd is
in u oë. U uitspraak is dus reg en u oordeel regverdig. 7 Ek was
al skuldig toe ek gebore is, met sonde belaai toe my moeder
swanger geword het. 8 Maar U verwag opregtheid diep in ‘n
mens se hart: laat ek dan diep in my binneste weet hoe U wil
dat ek moet lewe. 9 Neem tog my sonde weg dat ek rein kan
wees, was my dat ek witter as sneeu kan wees. 10 Laat my weer
blydskap en vreugde belewe. U het my verbrysel; laat my weer
jubel. 11 Moet tog nie ag slaan op my sondes nie, wis al my
skuld uit! 12 Skep vir my ‘n rein hart, o God, vernuwe my gees
en maak my standvastig. 13 Moet my tog nie van U af wegdryf
en u Heilige Gees van my af wegneem nie! 14 Laat my weer
die blydskap ervaar van iemand wat deur U verlos is, laat my
U weer met toewyding dien. 15 Dan sal ek oortreders leer
wat U van ‘n mens verwag; dat die sondaars hulle tot U sal
bekeer. 16 Red my van ondergang, o God, my Redder, dat ek
kan jubel oor u verlossingsdaad. 17 Here, gee my die woorde
om u lof te verkondig. 18 ‘n Offer vra U nie, anders sou ek
dit bring; ‘n brandoffer wil U nie hê nie. 19 Die offer wat U
wil hê, o God, is verootmoediging: U sal ‘n hart vol ootmoed
en berou nie gering ag nie, o God. 20 Laat Sion u liefde en u
goedheid ondervind: herbou tog die mure van Jerusalem. 21
Dan sal die offers wat voorgeskryf is, weer vir U aanneemlik
wees: offerdiere wat heeltemal verbrand word. Dan sal hulle
weer bulle op u altare offer.

## SOAP

WEEK 1 • DONDERDAG

**SOAP** / *Psalm 51:19*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## SOAP

*Psalm 51:19*

*Die offer wat U wil hê, o God, is verootmoediging:*
*U sal 'n hart vol ootmoed en berou nie gering ag nie, o God.*

## OORDENKING

In ons vers vandag sien ons dat God geen offers of brandoffers begeer nie. Al wat Hy begeer is verootmoediging–'n nederige en berouvolle hart. Ons nederige harte is die offer wat Hy begeer.

Dawid, die skrywer van hierdie Psalm, het besef dat dit makliker is om brandoffers te bring as 'n nederige hart. Hy het ook besef dat, om werklik diepe gemeenskap met die Here te ervaar, die soort wat 'n vermoeide siel sal bevredig, dít waarna ons almal smag, moet mens se hele wese smag na God alleen. Om opoffering sonder berou te bring, is soos om 'n kompliment te bied, terwyl ons die einste persoon wat ons komplimenteer, in stilte kritiseer. Hierdie twee dinge gaan nie saam nie, en hoeveel te meer is dit waar met ons God wat "nie dinge sien soos mense sien nie. Mense kyk na die uiterlike, maar die Here kyk na die hart" (1 Samuel 16:7).

Ons kan almal voel dat ons hart met tye gebreek is. Hierdie is die oomblikke wanneer die boek Psalms vir ons 'n groot troos word, wat ons 'n taal bied vir ons eie pyn en gebrokenheid. Of dit nou 'n vorm van onreg is wat ons persoonlik ervaar het, voortdurende lyding wat ons sien gebeur aan die ander kant van die wêreld, of weeklag oor ons eie sonde is, ons kan gebroke en verneder voel tot die punt waar ons geen hoop meer het nie.

Psalm 51 herinner ons egter aan die hoop wat ons in Jesus het wanneer ons ons versoeke en harte aan die Here onderwerp. Christus het nooit 'n maklike lewe belowe nie, maar Hy belowe wel sy teenwoordigheid en hulp terwyl ons deur beproewings gaan. God sal nooit 'n hart wat na waarheid soek, 'n nederige gees wat antwoorde soek, en 'n berouvolle hart wat vergifnis benodig, verwerp nie.

Ons leer elke dag van hierdie studie dat Bybelse weeklag insluit om te onthou wat ons weet wat waar is. Ons kan net die waarheid ken wanneer ons ons elke dag na die Here en sy Woord wend en dit bietjie vir bietjie in ons harte en gedagtes bêre. Waarom nie vandag 'n oomblik neem om na te dink oor sommige van die goeie en wonderlike dinge wat God vir jou in jou eie lewe gedoen het nie, en skryf dit neer sodat wanneer die volgende tyd vir jou aanbreek om te weeklaag, dit makliker is om te onthou wat jy weet wat waar is. As God jou al voorheen gehelp het, sal Hy dit verseker weer doen.

**LEES**

*Week 1 • Vrydag*

*Psalm 13*

1 Vir die koorleier. ‘n Psalm van Dawid. 2 Hoe
lank gaan U my nog bly vergeet, Here? Vir altyd?
Hoe lank gaan U nog van my af weg kyk? 3 Hoe
lank moet ek nog my eie planne maak en my dae
met kommer deurbring? Hoe lank sal die vyand my
nog oorheers? 4 Luister tog en antwoord my, Here
my God! Gee my tog nuwe lewenskrag. Ek wil nie
sterwe nie, 5 anders sê my vyand hy het my oorwin
en juig my verdrukkers oor my ondergang. 6 Ek hou
vas aan u troue liefde, oor die uitkoms wat U gee,
juig my hart. Ek wil sing tot eer van die Here, omdat
Hy aan my goed gedoen het.

# SOAP

WEEK 1 • VRYDAG

**SOAP** / *Psalm 13:6*

**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## SOAP

*Psalm 13:6*

*Ek hou vas aan u troue liefde,*
*oor die uitkoms wat U gee, juig my hart.*

## OORDENKING

In hierdie Psalm het Dawid weereens uiting gegee aan sy ongeduld om te sien hoe bose dade skynbaar ongemerk verbygaan. En hy het God gevra om iets daaromtrent te doen. As ons eerlik is, voel ons almal soms so. Ons is ongeduldig om God te sien werk, genees, beskerm en red, en ons word verward en moedeloos gelaat wanneer Hy dit nie in ons tydsberekening of op ons manier doen nie. Ons voel vergete, bedrieg en mislei.

Dit is wanneer ons moet aanhou onthou wat waar is. Dit is waar ons kan steun op die kennis en geloof wat ons opgedoen het deur elke dag gehoorsaam na God se Woord te gaan en dit weg te bêre vir sulke oomblikke soos hierdie. Dit is waar weeklag 'n belangrike rol speel om ons geloof te onderhou en selfs te laat groei. Soos ons God vertrou met die dinge wat ons nie kan beheer nie en glo Hy is wie Hy sê Hy is, selfs wanneer die lewe nie sin maak nie, word ons geloof versterk.

Die Here is gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde (Hebreërs 13:8). Ons dank God vandag vir sy verlossing deur Jesus Christus. God het die wêreld en die mensdom geskep, maar sonde het ons van Hom geskei. Hy het sy enigste Seun, Jesus Christus, gestuur om die prys vir ons sonde te betaal en die mensdom te verlos, sodat ons 'n persoonlike verhouding met God die Vader kan hê. Wat sal ons reaksie wees? Wat sal jou reaksie wees? En hoe sal ons reageer in die aangesig van onvermydelike lyding? Jesus sê: "Dit het Ek vir julle gesê, sodat julle in My vrede kan hê. In hierdie wêreld het julle moeilikheid en lyding, maar hou moed – Ek het die wêreld oorwin" (Johannes 16:33).

Sy karakter verander nooit en Hy het jou, sy kind, innig lief. As jy in Christus Jesus is, is daar geen veroordeling vir jou nie (Romeine 8:1). Wanneer jy 'n seisoen van lyding, onreg of pyn ervaar, moenie vermy om met God te praat omdat jy nie weet hoe om sommige van jou vrae te stel nie. Bid tot Hom soos jy met 'n liefdevolle Vader sal praat, gebruik die woorde van die Psalms as jy moet, en glo Hy sal getrou bly.

Gaan vandag in vryheid na Hom toe, met die wete dat jy die Here van jou onuitspreeklike pyn kan vertel en Hom op dieselfde tyd kan vertrou vir alles wat Hy is en alles wat Hy gedoen het.

## OORDENKING
WEEK 1

1. *Hoe kan jy die gewoonte aankweek om "aan die werke van die Here te dink"? Watter werke of kenmerke van God kom nou in jou gedagtes op wat jy in lofprysing kan verander?*

.......................................................................................................

.......................................................................................................

.......................................................................................................

2. *Het jy al ooit gevoel dat God ver weg is en nie aandag skenk aan die omstandighede in jou lewe nie? Beskryf hierdie gevoel deur soortgelyke woorde te gebruik as die klaagpsalms wat jy hierdie week gelees het.*

.......................................................................................................

.......................................................................................................

.......................................................................................................

3. *Wanneer het jy spesifiek beleef hoe God jou help en optree as jou bron van krag? Hoe het dit jou gehelp om in jou geloof te groei? Help nadenke en die onthou van sulke tye jou om nou in jou geloof te groei? Hoe?*

.......................................................................................................

.......................................................................................................

.......................................................................................................

4. *Hoe kan jy verseker dat jou hart nederig en berouvol bly deur die op en af van die lewe en in die aangesig van lyding? Watter stappe kan jy hierdie week neem om nederigheid en bekering te kweek in jou daaglikse wandel met die Here?*

.......................................................................................................

.......................................................................................................

.......................................................................................................

5. *Wat beteken dit vir jou om vandag op God se getrouheid te vertrou?*

.......................................................................................................

.......................................................................................................

.......................................................................................................



*Maar dit sal ek ter harte neem en om dié rede bly ek hoop: deur die liefde van die Here het ons nie vergaan nie; daar is geen einde aan sy ontferming nie, dit is elke môre nuut. U trou is groot. Ek sê vir myself: Die Here is my lewe, daarom hoop ek op Hom.*

*Klaagliedere 3:21-24*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Maak tyd hierdie week om stil te sit en na te dink oor die wonderlike dade van die Here. Skryf dit neer in jou joernaal of op 'n stuk papier wat jy in jou Bybel kan hou. Skryf 'n paar van die dinge neer wat God vir jou gedoen het, die gawes wat Hy vir jou gegee het en die beskrywing van sy barmhartigheid en genade teenoor jou.*

**L E E S**

*Week 2 • Maandag*

*Klaagliedere 1*

1 Ag, hoe verlate lê die stad wat vol mense was! Sy het soos
'n weduwee geword, sy wat magtig was onder die nasies. Sy
wat heerskappy gevoer het oor ander moet nou dwangarbeid
doen. 2 Onbedaarlik huil sy die hele nag, die trane loop
oor haar wange. Niemand van haar vroeëre minnaars is
daar om haar te troos nie. Al haar bondgenote het teen haar
verraad gepleeg, hulle het haar vyande geword. 3 Juda se
mense is weggevoer, hulle kry swaar, hulle is slawe, hulle
sit tussen vreemde nasies waar hulle geen rusplek kry nie;
hulle agtervolgers het hulle ingehaal, hulle in die noutes
vasgekeer. 4 Die paaie na Sion toe treur omdat daar geen
feesgangers is nie; al haar poorte is verlate, haar priesters
sug, haar jong vroue is bedroef, sy het dit bitter. 5 Haar
teëstanders het haar heersers geword, haar vyande lewe nou
rustig. Die Here het haar laat ly oor haar baie sonde; haar
kinders het ballinge geword, deur die vyand weggevoer. 6
Die prag van Sion het alles verdwyn. Haar leiers het soos
takbokke geword wat geen weiveld vind nie, hulle moes
magteloos wegtrek voor hulle agtervolgers uit. 7 In hierdie
dae van haar ellende en verdrukking dink Jerusalem aan al
haar kosbare dinge van die verlede. Toe haar volk in die
hande van die vyand geval het, was daar niemand wat haar
gehelp het nie; haar vyande het dit gesien, hulle het gelag
oor wat van haar geword het. 8 Jerusalem het groot sonde
gedoen, dit het haar soos 'n onrein vrou laat word; die
mense het haar naaktheid gesien, almal wat haar geëer het,
verag haar nou. Sy sug en draai weg. 9 Haar onreinheid
wys aan haar klere, sy het nie gedink aan wat van haar sou
word nie. Sy het diep geval en daar is niemand wat haar
bystaan nie. Sien tog my ellende raak, Here, kyk wat matig
die vyand hom aan! 10 Die vyand het beslag gelê op al haar
waardevolle dinge; sy moes aanskou hoe heidennasies in
haar heiligdom ingaan, hulle vir wie U belet het om in u
gemeente te kom. 11 Haar hele bevolking sug, hulle soek
brood, hulle het hulle waardevolle besittings verruil vir kos

**LEES**

*Week 2 • Maandag*

om aan die lewe te bly. Kyk tog, Here, en sien tog raak hoe
verag ek is. 12 Raak dit julle nie, julle almal wat met die pad
verbygaan? Kyk tog self of daar 'n smart is soos die smart
wat oor my gekom het, wat die Here my aangedoen het die
dag toe sy toorn losgebreek het. 13 Hy het 'n vuur van bo af
gestuur, en dit het my liggaam verteer; Hy het vir my voete
'n strik gestel, my agteroor laat steier; Hy het my verlate
gemaak, ongeneeslik siek. 14 My sondes is saamgebind tot
'n juk, hulle is saamgevleg deur die hand van die Here,
hulle is op my nek gesit, en dit het my krag laat ingee. Die
Here het my oorgegee in die mag van mense teen wie ek
geen weerstand kon bied nie. 15 Die Here het al my dapper
manne as waardeloos beskou, ten koste van my het Hy 'n
feestyd uitgeroep om 'n slagting onder my jongmanne aan
te rig. In 'n parskuip het die Here vir Juda fyngetrap. 16 Dit
is daarom dat ek so huil, dat die trane uit my oë stroom.
Daar is geen trooster naby nie; my bevolking is verslaan, die
vyand het die oorhand gekry. 17 Sion steek haar hande uit
om hulp, maar daar is niemand wat haar bystaan nie. Die
Here het vir Jakob aan alle kante vyande ontbied. Jerusalem
het onder hulle soos 'n onrein vrou geword. 18 Die Here het
reg gedoen: ek was ongehoorsaam aan sy woord. Luister tog,
alle volke, aanskou my smart: my jong vroue en jongmanne
het ballinge geword. 19 Ek het na my bondgenote geroep,
maar hulle het my in die steek gelaat. My priesters en leiers
het in die stad beswyk toe hulle vir hulle kos gesoek het om
aan die lewe te bly. 20 Kyk na my nood, Here! Dit brand in
my, ek is verpletter omdat ek so ongehoorsaam was; buite
maai die swaard af en in die huise heers die pes. 21 Hulle
hoor my sug, maar daar kom niemand om my by te staan
nie; al my vyande hoor hoe sleg dit met my gaan en hulle
is bly dat U dit gedoen het. Laat tog die dag kom wat U
aangekondig het, dat hulle kan word soos ek is. 22 Laat al
hulle boosheid voor U kom, en doen met hulle soos U met
my gedoen het oor al my sondes. Ek sug gedurig, my hart
is gebreek.



**SKRYF**

*jou gedagtes neer*

# SOAP

WEEK 2 • MAANDAG

**SOAP** / *Klaagliedere 1:12*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

**DAGSTUKKIE**

WEEK 2 • MAANDAG

## SOAP

*Klaagliedere 1:12*

*Raak dit julle nie, julle almal wat met die pad verbygaan? Kyk tog self of daar 'n smart is soos die smart wat oor my gekom het, wat die Here my aangedoen het die dag toe sy toorn losgebreek het.*

## OORDENKING

Teen die tyd toe die boek Klaagliedere geskryf is, was Juda, die suidelike koninkryk van Israel, deur die Babiloniërs onder aanvoering van Koning Nebukadnesar, ingeneem. Die mense van Juda het lank tevore hulle God verlaat, hulle eie koers ingeslaan en die profetiese waarskuwings van Jeremia geïgnoreer—selfs uitgelag. Jeremia het die volk probeer oortuig om na die Here terug te keer en aan Babilon oor te gee.

Die Klaagliedere-boek spreek diepe hartseer uit oor die verskriklike lyding wat na aanleiding van hierdie gebeure in Juda plaasgevind het. Die hoofboodskap van Klaagliedere is dat ongehoorsaamheid aan God tot verwoesting lei en dat berou die enigste manier is om weer by Hom uit te kom. God is 'n deernisvolle God, maar Hy is ook regverdig; Hy kan nie sonde oorsien nie. Die goeie nuus is dat Hy ook nie 'n berouvolle hart onverhoord sal laat bly nie, en dat Hy die hoogste prys vir sonde betaal het toe Hy sy enigste Seun, Jesus Christus, vir elkeen van ons na die kruis gestuur het.

In vandag se verse sien ons dat hierdie hartverskeurende tonele wat in Klaagliedere 1 beskryf word, deur die Here veroorsaak en toegedien is. Jeremia, die skrywer van die boek, vra: "Is daar nog smart soos die smart wat Hy my aangedoen het?" Die waarheid is dat Juda al jare lank deur die profeet Jeremia gewaarsku is oor wat sou gebeur as hulle hul nie eerstens aan die Here, en tweedens aan hulle verdrukker, Babilon, oorgee nie. Hy het gesê hoe God hulle ongehoorsaamheid gaan wreek. Die mense van Juda het Jeremia uitgelag, hom 'n verraaier genoem, en hom probeer stilmaak deur hom te slaan en op te sluit.

Ons God is regverdig en heilig. Hy kan nie en sal nie sonde duld nie. "Kennis begin met die dien van die Here," sê Spreuke 1:7. Ons lees in vandag se studie dat God se woede gloei soos vuur. Diegene wat Hom volg en op Hom vertrou, kan egter met die sekerheid leef dat Hy hulle swaarkry raaksien, dat Hy naby is en hulle met sy liefde sal vertroos.

Die gedeelte wat ons vandag bestudeer, kan ons twee belangrike dinge leer. Eerstens, wat gebeur met diegene wat nie hul vertroue in die Here Jesus plaas nie, maar hul eie pad van duisternis bewandel. Tweedens behoort dit vir ons groot vertroue te gee om op te staan en vir ander van sy groot liefde te vertel sodat hulle ook die oorvloed, vryheid en lewe wat Hy deur verlossing aanbied, kan ervaar!

**LEES**

*Week 2 • Dinsdag*

*Klaagliedere 2*

1 Ag, hoe het die Here in sy toorn die donker laat toesak oor Sion! Hy het die pragstad van Israel tot in die stof verneder, Hy het op die dag van sy toorn sy eie tempel nie ontsien nie. 2 Die Here het geen genade betoon nie, Hy het al die woonplekke van Jakob vernietig, Hy het in sy toorn die vestings van Juda afgebreek. Hy het die koninkryk verwoes, die leiers tot in die stof verneder. 3 Deur sy vernietigende toorn het Hy die krag van Israel heeltemal gebreek. Toe die vyand kom, het die Here sy magtige hand teruggetrek en sy toorn teen Jakob laat brand soos 'n vlam wat alles rondom verteer. 4 Soos 'n vyand het Hy sy boog gespan en aangelê, soos 'n teëstander het Hy al wat dierbaar is, uitgeroei; in die woning van Sion het Hy sy toorn uitgegiet soos vuur. 5 Die Here het soos 'n vyand geword, Hy het Israel vernietig, Hy het al die wonings vernietig, die vestings verwoes, Hy het ellende op ellende oor Juda gebring. 6 Hy het sy eie woning verniel asof dit 'n skerm in 'n tuin is, Hy het die plek van ontmoeting vernietig; die Here het in Sion feestyd en sabbat laat ophou; in sy groot toorn het Hy koning en priester verwerp. 7 Die Here het sy altaar verwerp en sy heiligdom laat vertrap. Hy het die mure rondom die tempelgebou laat afbreek deur die vyand. Hulle het in die huis van die Here gejuig asof dit sy volk is wat daar feesvier. 8 Die Here het besluit om die muur van Sion te verwoes, Hy het bepaal dat dit heeltemal afgebreek moet word, Hy het nie op sy besluit teruggegaan nie; van die vestings en die mure het Hy bouvalle gemaak, hulle lê daar saam en vergaan. 9 Sion se poorte is begrawe in puin, die sluitbalke is gebreek en lê aan stukke. Sy koning en sy leiers is weggevoer na die heidene toe. Daar is geen onderrig meer in die wet nie, sy profete ontvang ook geen openbaring meer van die Here nie. 10 Die leiers van Sion sit verslae op die grond, hulle het stof op hulle koppe gegooi en het rouklere aan; die koppe van die jong vroue van Jerusalem hang tot op die grond. 11 My oë is gedaan van die huil, dit brand in my, my moed is gebreek, want my volk is plat geslaan; kinders en babatjies sak inmekaar in die strate van die stad. 12 Hulle soek by hulle moeders iets om te eet en te

**LEES**
*Week 2 • Dinsdag*

drink. In die strate van die stad val hulle om soos gewondes, in die arms van hulle moeders blaas hulle die asem uit. 13 Wat kan ek vir jou sê, waarmee kan ek jou vergelyk, Jerusalem? Wie se lyding kan ek vir jou noem dat ek jou daardeur kan troos, Sion? Jou verwonding is soos die see so groot, wie kan jou genees? 14 Die visioene van jou profete was vals en misleidend: hulle het nie jou sondes blootgelê sodat jou ballingskap afgeweer kon word nie; die openbaringe wat hulle vir jou gegee het, was vals en het tot jou verwerping gelei. 15 Almal wat met die pad verby gaan, slaan die hande saam oor jou, hulle fluit en skud hulle kop oor Jerusalem: "Is dit die stad wat genoem is die beeldskone, 'n vreugde vir die hele wêreld?" 16 Al jou vyande rek hulle mond oor jou, hulle spot en kry lekker, hulle sê: "Ons het hom verslind, dit is die dag waarvoor ons gewag het, dit het gebeur, ons beleef dit!" 17 Die Here het gedoen wat Hy Hom voorgeneem het, Hy het die woord in vervulling laat gaan wat Hy lank gelede al afgekondig het. Hy het verwoes en geen genade betoon nie, Hy het die vyand hom oor jou laat vermaak, Hy het aan jou teëstanders die oorwinning gegee. 18 Roep tot die Here, Sion, laat jou trane in strome vloei, dag en nag, moet jou nie rus gun nie, moenie dat jou oë verligting kry nie. 19 Staan dwarsdeur die nag op en roep, stort voor die Here jou hart uit soos water, strek jou hande uit, en bid om die lewe van jou kinders, hulle wat van honger beswyk op die hoeke van die strate. 20 Kyk tog, Here, let tog op aan wie U dit gedoen het: vrouens eet hulle eie kinders, kinders wat in teerheid versorg is; priesters en profete word doodgemaak in die heiligdom van die Here! 21 Jonges en oues lê dood in die strate; jong vroue en jongmanne het deur die swaard geval. U het hulle neergevel op die dag van u toorn, U het 'n slagting aangerig en geen genade betoon nie. 22 U het al my bure uitgenooi om hier 'n bloedige fees te vier. Op hierdie dag van die Here se toorn kon niemand ontvlug of vrykom nie. My kinders wat ek met teerheid versorg en grootgemaak het, is deur my vyande om die lewe gebring.

**SKRYF**

*jou gedagtes neer*

# SOAP

WEEK 2 • DINSDAG

**SOAP /** *Klaagliedere 2:11*
**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE
WEEK 2 • DINSDAG

### SOAP

*Klaagliedere 2:11*

*My oë is gedaan van die huil, dit brand in my, my moed is gebreek, want my volk is plat geslaan; kinders en babatjies sak inmekaar in die strate van die stad.*

### OORDENKING

Dit is baie moeilik om die woorde te glo wat ons vandag lees, en dit voel byna onmoontlik om dit wat in Klaagliedere 2 opgeteken is te versoen met die goeie, liefdevolle en vriendelike God wat ons ken. Hoe kon Hy sulke dinge toelaat? Ons Skrifgedeelte vandag is ‘n ontnugterende weergawe van die gevolge van ‘n lewe van ongehoorsaamheid aan die Here.

Vriendinne, laat ons studie vandag as ‘n waarskuwing dien van wat met ons siele gebeur wanneer ons van God af wegdraai. Mag dit ons herinner aan wat in die geestelike ryk gebeur wanneer ons afleiding, versoeking en sonde verkies en van die Here wegdraai in plaas daarvan om gehoorsaam en getrou saam met Hom te wandel. Daaglikse berou is nie net ‘n voorskrif om te volg nie, maar ‘n voorreg om te beoefen. Die Here begeer en smag daarna dat elke mens Hom sal leer ken en liefhê, en oorvloedige vreugde in sy teenwoordigheid ervaar (Psalm 16:11).

God is heilig en regverdig. Ten einde aan sy natuur getrou te bly, kan geen sonde in sy teenwoordigheid toegelaat word nie. Die gevolge van sonde is vernietiging en dood. Hy het egter vir ons ‘n manier voorsien om lewe te hê, ten spyte van ons sonde. Deur geloof in Christus aanvaar ons God se genadegawe van vergifnis.

Ons is elke liewe dag in ‘n geestelike stryd gewikkel. Deur God se genade veg diegene wat in Jesus Christus is, aan die Here se seëvierende kant vir alles wat goed is; die duiwel en sy leër, daarenteen, val aan, steel en vernietig. Ons neem aan hierdie stryd deel en staan vas in ons geloof deur elke geestelike seëning wat in Christus in die hemelse koninkryk tot ons beskikking is, te aktiveer (Efesiërs 1:3).

Moenie van hierdie stryd vergeet of dit ignoreer nie. Dit is ‘n stryd om lewe en dood. Ons sien dalk nie dadelik die gevolge nie, en hopelik sal ons nooit die grusame tonele wat in Klaagliedere 2 beskryf word, hoef te aanskou nie, maar ons moet waaksaam bly, oorgehaal om die duiwel en die vleeslike sonde te beveg, vasstaan in ons geloof en nederig met God wandel.

Jy is nie alleen hierin nie. Bly getrou, wandel in gehoorsaamheid en onthou wat jy weet waar is, ongeag van jou omstandighede. Berou daagliks, wees innig lief vir God, en bly in sy Woord gewortel.

## LEES
*Week 2 • Woensdag*

*Klaagliedere 3*

1 Ek is die man wat ellende belewe het. Die Here het my met sy toorn
geslaan. 2 Hy het my die donker in gejaag, my laat loop op 'n pad
sonder lig. 3 Vir my stoot Hy gedurig weg, dag na dag. 4 Hy het my
hele liggaam laat wegteer, my bene gebreek. 5 Hy het my toegebou
met 'n muur van gif en ontbering rondom my. 6 Hy maak die donker
my tuiste, ek is soos dié wat lankal dood is. 7 Hy het 'n muur om
my gebou, ek kan nie uitkom nie, Hy het vir my swaar bronskettings
aangesit. 8 Al roep ek en al smeek ek om hulp, Hy weier om my
gebed te verhoor. 9 Hy het my pad met klip toegebou, vir my geen
uitkomplek gelaat nie. 10 Hy is soos 'n beer wat my inwag, soos 'n
leeu wat my voorlê, 11 Hy het my eenkant toe gekeer en verskeur, my
vermink laat lê. 12 Hy het sy boog gespan en my 'n teiken vir sy pyle
gemaak. 13 Hy het sy pyle diep in my liggaam ingeskiet. 14 Ek word
uitgelag deur my hele volk, hulle sing heeldag spotliedjies oor my. 15
Hy het my bitter dinge laat sluk, die lewe vir my galbitter gemaak.
16 Hy het my gruisklip laat kou, my in die grond getrap. 17 Hy het
alle rus van my af weggeneem; ek het al vergeet van voorspoed. 18 Ek
het gedink dit is klaar met my en met my hoop op die Here. 19 Die
gedagte aan my ellende en my vreemdelingskap is gal en gif vir my;
20 as ek daaroor nadink, draai my gedagtes vas. 21 Maar dít sal ek
ter harte neem en om dié rede bly ek hoop: 22 deur die liefde van die
Here het ons nie vergaan nie; daar is geen einde aan sy ontferming
nie, 23 dit is elke môre nuut. U trou is groot. 24 Ek sê vir myself:
Die Here is my lewe, daarom hoop ek op Hom. 25 Die Here is goed
vir wie op Hom bly hoop, vir die mens wat na sy wil vra; 26 dit is
goed om geduldig te wag op die hulp van die Here; 27 dit is goed
vir 'n mens om sy las in sy jeug te dra. 28 Laat hy in sy eensaamheid
geduldig bly as God hom die las opgelê het, 29 laat hy hom diep
verootmoedig – miskien is daar hoop – 30 laat hy sy wang draai vir
wie hom slaan, laat hy maar oorvloedig smaad ondervind 31 Die
Here verstoot 'n mens nie vir altyd nie; 32 as Hy beproewing oor 'n
mens gebring het, ontferm Hy Hom weer, want sy liefde is groot: 33
dit is teen sy sin dat Hy mense in ellende en beproewing bring. 34
Dat al die gevangenes in die land mishandel word, 35 dat iemand se
reg vertrap word voor die Allerhoogste, 36 dat 'n mens in 'n regsaak

## **LEES**
*Week 2 • Woensdag*

veronreg word – die Here sien dit raak! 37 Wie kan iets beplan, en dit
gebeur, as die Here nie die bevel gee nie? 38 Is dit nie op bevel van
die Allerhoogste dat die kwaad sowel as die goeie te voorskyn kom
nie? 39 Wat kla 'n mens oor sy lewe? Hy moet liewer sy sonde oorwin.
40 Laat ons ons doen en late deeglik ondersoek en ons tot die Here
bekeer, 41 laat ons met ons hele hart ons hande na God in die hemel
uitsteek en bely: 42 "Ons het sonde gedoen en was opstandig; U het
nie vergewe nie." 43 U toorn het ontvlam en U het ons agtervolg, U
het 'n slagting aangerig en nie genade betoon nie. 44 U het U met 'n
wolk omhul sodat geen gebed na U kon deurkom nie, 45 U het ons
die uitvaagsel gemaak, die skuim onder die volke. 46 Al ons vyande
rek hulle mond oor ons; 47 angs en benoudheid het oor ons gekom,
verlatenheid en verwoesting. 48 Die trane loop in strome uit my oë
oor die vernietiging van my volk. 49 My trane sal aanhou vloei, dit sal
nie ophou nie, 50 totdat die Here uit die hemel afkyk en dit raaksien.
51 Wat my oë sien, maak my hartseer oor al die dogters van my stad.
52 Mense het op my jag gemaak soos op 'n voël, hulle is sonder rede
vyandig teenoor my, 53 hulle het my in 'n put gegooi en klippe op my
afgerol om my dood te maak; 54 die water het tot by my kop gestyg,
ek het gedink dit is klaar met my. 55 Ek het na U geroep, Here, uit
die dieptes uit. 56 U het gehoor hoe ek smeek: "Moet tog nie afsydig
staan nie, gee uitkoms en red my!" 57 U het na my toe gekom toe ek
geroep het, U het gesê: "Moenie bang wees nie!" 58 U verdedig my
saak, Here, U red my lewe. 59 U sien die onreg teen my, Here, lewer
tog uitspraak in my guns, 60 U sien hoe hulle my haat, hoe hulle teen
my saamspan. 61 U hoor self hoe hulle my beledig, Here, hoe hulle
teen my saamspan, 62 hoe hulle heeldag oor my praat en spot. 63 Of
hulle sit en of hulle staan, hoor hoe sing hulle spotliedjies oor my. 64
Straf hulle, Here, volgens wat hulle gedoen het, 65 laat benoudheid
hulle oorval, tref hulle met u vloek, 66 agtervolg hulle in u toorn en
verdelg hulle, weg onder u hemel uit.

**SKRYF**

*jou gedagtes neer*

# SOAP

WEEK 2 • WOENSDAG

**SOAP** / *Klaagliedere 3:21–24*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## SOAP

*Klaagliedere 3:21–24*

*Maar dít sal ek ter harte neem en om dié rede bly ek hoop: deur die liefde van die Here het ons nie vergaan nie; daar is geen einde aan sy ontferming nie, dit is elke môre nuut. U trou is groot. Ek sê vir myself: Die Here is my lewe, daarom hoop ek op Hom.*

## OORDENKING

In vandag se Skriflesing kry ons diepgaande hoop en bemoediging, 'n ligstraal te midde van 'n moeilike Bybelse verslag. Klaagliedere 3:21-24 is dalk welbekend, maar nie so baie mense ken die omstandighede en konteks waarin dit voorkom nie. Mag ons, soos ons vandag en hierdie week dieper delf, herinner word aan die kontras tussen 'n lewe van geloof en 'n rebelse lewe. Laat ons onthou dat hierdie ware beskrywings is van gebeure na die val van Jerusalem. Mag dit as waarskuwing dien teen die gevolge van sonde en die genade wat God bied aan almal wat na Hom uitroep.

Selfs te midde van lyding en pyn vind ons ongelooflike hoop. Weer eens sien ons 'n Bybelse skrywer wat in weeklag alles wat om hom gebeur, beskryf en dan daadwerklik wat hy weet waar is omtrent die Here, in herinnering roep. Die waarheid is dat die skrywer selfs te midde van sulke pyn—tonele van gebreekte bene (v. 4), sy gebed wat geïgnoreer word (v. 8), hom vermink laat lê (v. 11), en hom laat klippe kou (v. 16)—kies om die goedheid van die Here te verkondig. Jeremia stel 'n wonderlike voorbeeld van om eerder op die waarheid as op sy omstandighede of emosies te fokus.

Hy ken die ware karakter van God en plaas sy vertroue in wat hy weet, nie wat hy sien nie. Hy glo vas dat sy enigste moontlike hoop daarin lê om God volkome te vertrou. Selfs te midde van die onbeskryflike lyding wat in die boek Klaagliedere opgeteken is, is daar hoop. Ons dien 'n deernisvolle God wat nooit 'n nederige, berouvolle hart sal verwerp nie.

Dit is belangrik om die waarheid te weet oor wie God is. Dit is belangrik dat ons ons daarop moet toelê om God, sy karakter, en sy Woord vir ons self te leer ken, en nie tevrede te wees om deur ander (selfs uitstekende leraars en predikers) gevoer te word nie. Een van die kragtigste besluite wat jy vir jouself en jou geliefdes kan maak, is om 'n gewoonte daarvan te maak om daagliks God se Woord oop te maak en meer omtrent Hom te leer.

Dit is deurslaggewend om die waarheid omtrent God te glo. As ons styf vashou aan ons God en wat ons van Hom weet, sal die volgende vlaag swaarkry en pyn ons nie tot uiterste wanhoop dryf nie. Om die waarheid te sê, ons sal 'n dieper, meer intieme verhouding kan hê met die Een wat alles, ook ons eie harte, bymekaarhou.

**LEES**

*Week 2 • Donderdag*

*Klaagliedere 4*

1 Ag, hoe dof het die goud geword, hoe het die goeie goud
sy glans verloor! Die gewyde edelstene lê weggegooi op al
die hoeke van die strate! 2 Sion se kosbare inwoners, vroeër
so waardevol geag soos suiwer goud – ag, hoe word hulle
nou beskou as erdepotte, die werk van 'n pottebakker. 3
Selfs 'n jakkals gee vir sy kleintjie die speen en laat hom
drink, maar my volk het so wreed geword soos volstruise
in die woestyn. 4 Die suigelinge se tonge sit aan hulle
verhemeltes vas van die dors; kindertjies smeek om brood
maar niemand gee vir hulle iets nie. 5 Mense wat vroeër ryk
geëet het, beswyk nou van honger op die strate, mense wat
in weelde grootgeword het, lê nou op die vuilgoedhope.
6 Die sonde van my volk is groter as dié van Sodom wat
in 'n oomblik vernietig is sonder dat mense daar 'n hand
teen uitgesteek het. 7 Die leiers van Sion het meer glans
gehad as sneeu, hulle was witter as melk, blakend gesond
van kleur, mooi van voorkoms. 8 Maar nou is hulle swarter
as roet, hulle word nie eens op die strate herken nie; hulle
is net vel en been, uitgedroog, soos hout. 9 Dié wat deur
die swaard doodgemaak is, is beter daaraan toe as dié wat
van honger omkom, wat wegkwyn en sterwe omdat die
lande geen opbrengs het nie. 10 Met hulle eie hande het
moeders wat vroeër liefdevol was, hulle kinders gekook;
dit het hulle kos geword toe my volk ineengestort het. 11
Die Here het aan sy gramskap vrye teuels gegee, Hy het
sy toorn uitgegiet, Hy het in Sion 'n vuur aangesteek wat
hom tot op sy fondamente verteer het. 12 Geeneen van die
konings van die aarde, geen mens ter wêreld sou geglo het
dat 'n teëstander of enige aanvaller ooit by Jerusalem se
poorte sou inkom nie. 13 Dit het gebeur oor die sondes
en oortredinge van die stad se profete en priesters deur wie
onskuldige mense daar om die lewe gebring is. 14 Profete

**LEES**

*Week 2 • Donderdag*

en priesters het deur die strate gestrompel soos blindes,
hulle was bevlek met bloed, niemand wou dit waag om
aan hulle klere te raak nie. 15 Mense het vir hulle geskree:
"Gee pad! Julle is onrein! Gee pad, gee pad, moenie aan
ons raak nie!" En toe hulle vlug en wegstrompel, het ook
die heidennasies gesê: "Hulle mag nie hier by ons bly nie!"
16 Die Here self het hulle verstrooi, Hy trek Hom hulle lot
nie meer aan nie. Daar is geen meegevoel met die priesters
nie, daar word geen genade aan die leiers betoon nie. 17
Ons kyk ons oë moeg om hulp wat nie opdaag nie; van ons
wagpos af kyk ons in verwagting uit na 'n nasie wat nie help
nie. 18 Ons bewegings word dopgehou, ons kan dit nie op
straat waag nie. Ons einde is naby, ons dae is getel, ons
einde het aangebreek! 19 Ons agtervolgers was vinniger as
die arende in die lug; hulle het in die berge op ons hakke
gelê en ons in die woestyn in 'n hinderlaag gelei. 20 Ons
koning van wie ons lewe afhanklik is, die gesalfde van die
Here, is gevang in hulle vanggate, hy van wie ons gedink
het dat ons onder sy beskerming sal leef onder die nasies.
21 Wees gerus maar opgewek en bly, Edom, jy wat in Us
woon, maar ook jy sal die oordeelsbeker moet drink, jy sal
daarvan dronk word en jouself ontbloot. 22 Die straf vir
jou sonde is beëindig, Sion, die Here sal jou ballingskap nie
laat voortduur nie; maar jóú sonde gaan Hy straf, Edom,
jóú ongeregtigheid gaan Hy aan die kaak stel.

**SKRYF**

*jou gedagtes neer*

## SOAP

WEEK 2 • DONDERDAG

**SOAP** / *Klaagliedere 4:17*

**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

WEEK 2 • DONDERDAG

### SOAP

*Klaagliedere 4:17*

*Ons kyk ons oë moeg om hulp wat nie opdaag nie; van ons wagpos af kyk ons in verwagting uit na 'n nasie wat nie help nie.*

### OORDENKING

Terwyl gister se Skriflesing uit Klaagliedere 3 die een of ander vorm van verligting en hoop verskaf het, word ons in hoofstuk vier teruggebring na die harde werklikheid van onmenslike lyding. Die Babiloniërs het Jerusalem binnegeval, sy mense gejag en as gevangenes weggelei. Hulle het selfs meer van die stede in Juda vernietig, wat die streek in totale verwoesting gelaat het en sy oorblywende mense in onmenslike agteruitgang. Die skrywer van die boek gaan voort om te weeklaag oor die omstandighede rondom hom, en ons gaan voort om saam met hom te leer en te weeklaag.

Juda het tevergeefs na hulp gesoek "wat nie opdaag nie" terwyl hulle die mense van Egipte om bystand gesmeek het, maar Egipte het onttrek en Juda gelos om onder die Babiloniese inval te ly.

Hoe gereeld soek ons hulp op al die verkeerde plekke, maar tevergeefs? Ons oë word moeg, ons raak moedeloos en op die ou end besef ons dat nie een van die dinge waarna ons opgekyk het, ons kan red nie. Miskien het ons ook vriende en raadgewers soos die profeet Jeremia gehad wat vir ons gesê het om na die Here te kyk, na Hom te draai en om hulp te vra, maar ons het geweier. Dit het te onbeduidend gelyk om met die Here daaroor te praat, of dalk het ons nie mooi geweet hoe om God te nader oor dit wat op ons harte is nie.

Ons betrap soms onsself met hierdie gesindheid wanneer dit by weeklag kom. Ons verstaan nie wat aan die gebeur is nie, ons sien geen hoop nie en ons voel dat God stil is. Ons wil skree en vra "Hoekom?! Hoe lank, Here?!" maar ons is nie heeltemal seker of sulke uitbarstings gepas is wanneer ons met die Skepper van hemel en aarde praat nie.

Die praktyk van weeklag baan 'n weg vir 'n belaaide, lydende hart om die genadetroon van te nader. Dit laat nie net toe nie, maar moedig selfs die gelowige aan om na die Here, die Skepper en Onderhouer van alle dinge, te kom en ons klagtes te deel. Hy is ons Hemelse Vader en Hy het sy kinders innig lief.

Ons erken dat ons op al die verkeerde plekke hulp soek en ons berou. Ons onthou wie God is en verkondig weereens sy heiligheid, ongeag ons omstandighede. God is waar en wat Hy sê, is waar. Die lyding rondom ons kan oorweldigend wees; die regte reaksie is geloof in die Here wat in beheer is van alles. Ons kan Hom loof omdat Hy ons in sulke tye 'n stem gegee het—die stem en praktyk van weeklag.

**LEES**

*Week 2 • Vrydag*

*Klaagliedere 5*

1 Slaan tog ag op wat oor ons gekom het, Here, kyk tog en
sien self hoe ons verneder is. 2 Ons besittings is gevat en
aan vreemdes gegee, ons huise aan uitlanders. 3 Ons het
weeskinders geword, daar is nie vaders nie, ons moeders is
soos weduwees. 4 Ons moet ons eie drinkwater koop, vir
ons eie hout moet ons betaal. 5 Ons word gedryf deur ons
oorheersers, ons is uitgeput, ons word geen rus gegun nie.
6 Ons het ons hande uitgesteek na Egipte en na Assirië om
by hulle kos te bedel. 7 Ons vaders het gesondig, maar hulle
is nie meer daar nie, ons word gestraf vir hulle sondes. 8
Ondergeskiktes heers nou oor ons, en niemand kan ons uit
hulle mag red nie. 9 Met lewensgevaar moet ons vir ons gaan
kos haal, want in die veld word ons doodgemaak. 10 Ons
vel verskrompel soos iets in ‘n oond vanweë die verterende
honger. 11 Vrouens is in Sion verkrag, en jong meisies in die
stede van Juda. 12 Leiers is gevat en opgehang, oumense word
met minagting behandel. 13 Jongmanne word gedwing om
maalwerk te doen, jong seuns struikel onder vragte hout. 14
Die oumense sit nie meer in die poorte van die stad nie en
die jongmanne maak nie meer daar musiek nie. 15 Vrolikheid
het uit ons lewe verdwyn, ons koordanse het plek gemaak vir
rou. 16 Ons het ons aansien verloor, daar het ellende oor ons
gekom, want ons het sonde gedoen! 17 Dit is die rede vir ons
droefheid, vir die swart kringe om ons oë: 18 Sionsberg lê so
verlate, die jakkalse loop daar rond. 19 Maar Ú, Here, U heers
vir altyd, u troon staan vas van geslag tot geslag. 20 Waarom
sou U ons dan bly vergeet, ons vir altyd verlaat? 21 Bekeer U
ons tot U, Here, dat ons bekeer kan wees, gee ons weer die
bestaan van vroeër. 22 Of het U ons heeltemal verwerp? Is u
toorn oor ons so groot?

## SOAP

WEEK 2 • VRYDAG

**SOAP** / *Klaagliedere 5:21*

**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

**DAGSTUKKIE**

WEEK 2 • VRYDAG

## SOAP

*Klaagliedere 5:21*

*Bekeer U ons tot U, Here, dat ons bekeer kan wees, gee ons weer die bestaan van vroeër.*

## OORDENKING

Soos ons tyd in die boek van Klaagliedere ten einde loop, vind ons 'n eenvoudige, dog diepgaande rougebed te midde van al die onbeskryflike lyding en pyn. Die skrywer glo dat God nie wegdraai van 'n berouvolle hart nie en is medelydend en oorvloedig in liefde en getrouheid (Eksodus 34:6). Hy pleit by God om die mense van Juda toe te laat om na Hom terug te keer sodat hulle lewens gered en vernuwe kan word. Jeremia weet dat daar geen lewe of hoop buiten die Here is nie.

In die hele boek van Klaagliedere lees ons die verslag van 'n volk wat besig was om te maai wat hulle gesaai het. Dit is 'n bekende Bybelse beginsel, wat ook deur Paulus in die boek Galasiërs geleer word: "wie op die akker van sy sondige natuur saai, sal van die sondige natuur dood en verderf oes. Maar wie op die akker van die Gees saai, sal van die Gees die ewige lewe oes." (6:8).

Soos ons meer leer oor die praktyk van weeklag in die daaglikse lewe van 'n Christen, mag ons nooit vergeet wie die bron van alle lewe, vreugde, vernuwing en geloof is nie. Dit is ons Here, ons Hemelse Vader, ons heilige en regverdige Skepper wat ons meer liefhet as wat ons kan dink, wat sonde meer haat as wat ons kan dink, en wat meer heilig is as wat ons kan dink. Mag die versoek vir herstel en vernuwing in Klaagliedere 5:21 'n gereelde gebed word vir dié van ons wat God innig lief wil hê. Ons moet Hom vra om ons in staat te stel om daagliks saam met Hom te wandel, sodat ons nooit kan wegdraai en Hom vergeet nie.

Met die uitsondering van hoofstuk 3 word die boek van Klaagliedere dikwels in Bybelstudies oorgeslaan. Miskien is dit omdat dit worsteling in ons aanwakker, wat ons dwing om God, sy voornemens en sy aard te bevraagteken. Sulke bevraagtekening is egter wat God se kinders nader aan Hom bring. Dit is in die diep, ware, sielsondersoekende proses dat ons pragtige, lewegewende antwoorde vind oor die God wat ons ken en dien en diepgaande vrede in antwoord op daardie vrae wat, vir hierdie tyd op aarde, net met geloof vervul kan word.

Klaagliedere is 'n poëtiese boek en die meeste daarvan is in die vorm van 'n lettervers geskryf – van A tot Z. Dit is bedoel om dadelik gelees te word, sonder om halfpad op te hou. Dit is 'n pragtige prentjie van die praktyk van weeklag. Ons is bestem om deur die hele proses te gaan, een stap op 'n slag. Nadat ons tot God geroep het en ons berou het oor ons sonde, wend ons ons tot die beoefening van vertroue en lofprysing.

## OORDENKING

WEEK 2

1. *Hoe versoen jy die lyding wat in die boek van Klaagliedere beskryf word met die genadige, liefdevolle aspekte van God se karakter?*

……………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………….

2. *Het jy al ooit soveel pyn ervaar wat jou met jou oë "uitgeput van huil" gelaat het? Hoe rus dít wat jy oor weeklaag geleer het jou toe vir sulke tye in die toekoms?*

……………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………….

3. *Hoe lyk dit om waarheid te herroep in die aangesig van omstandighede wat ons laat bevraagteken hoe veilig ons in die Here is? Wat kan jy prakties doen om jou hoop op God te stel?*

……………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………….

4. *Waarheen neig jy om te draai wanneer jy hulp nodig het, indien nie na die Here nie? Hoekom dink jy is dit so?*

……………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………….

5. *Is daar 'n deel van jou lewe wat jy nodig het om aan God oor te gee? Hoe kan jy dit hierdie week doen?*

……………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………….



*Ons is immers gered, en ons het nou hierdie hoop. Wat 'n mens al sien, hoop jy tog nie meer nie. Wie hoop nog op wat hy reeds sien? Maar as ons hoop op wat ons nie sien nie, wag ons daarop met volharding.*

*Romeine 8:24-25*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Hierdie week lees ons elke dag deur Romeine 8:18 – 39. Werk daaraan om hierdie gedeelte of 'n paar van die verse daaruit te memoriseer as 'n herinnering aan die soewerinitiet, krag, liefde en die groot hoop wat ons in Hom het.*

**LEES**

*Week 3 • Maandag*

*Romeine 8:18-39*

Ek is daarvan oortuig dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen die heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie. 19 Die skepping sien met gespanne verwagting daarna uit dat God bekend sal maak wie sy kinders is. 20 Die skepping is immers nog aan verydeling onderworpe, nie uit eie keuse nie, maar omdat God dit daaraan onderwerp het. Daarby het Hy die belofte van hoop gegee: 21 die skepping sal self ook bevry word van sy verslawing aan die verganklikheid, om so tot die vryheid te kom van die heerlikheid waaraan die kinders van God deel sal hê. 22 Ons weet dat die hele skepping tot nou toe sug in die pyne van verwagting. 23 En nie net die skepping nie, maar ook ons wat die Gees ontvang het as die eerste gawe van God, ons sug ook. Ons sien daarna uit dat God sal bekend maak dat Hy ons as sy kinders aangeneem het: Hy sal ons van die verganklikheid bevry. 24 Ons is immers gered, en ons het nou hierdie hoop. Wat 'n mens al sien, hoop jy tog nie meer nie. Wie hoop nog op wat hy reeds sien? 25 Maar as ons hoop op wat ons nie sien nie, wag ons daarop met volharding. 26 Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie. 27 En God, wat die harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, want Hy pleit, volgens die wil van God, vir die gelowiges. 28 Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is. 29 Dié wat Hy lank tevore verkies het, het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat sy Seun baie broers kan hê van wie Hy die Eerste is. 30 Dié wat Hy daartoe bestem het, het Hy ook geroep. En dié wat Hy geroep het, het Hy ook vrygespreek. En dié wat Hy vrygespreek het,

**LEES**

*Week 3 • Maandag*

het Hy ook verheerlik. 31 Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge? Dít: God is vír ons, wie kan dan teen ons wees? 32 Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie? 33 Wie kan die uitverkorenes van God aankla? God self spreek hulle vry. 34 Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons. 35 Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard? 36 Daar staan immers geskrywe: "Dit is oor U dat die dood ons dag vir dag bedreig, dat ons soos slagskape behandel word." 37 Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet. 38 Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte 39 of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.

**SKRYF**

*jou gedagtes neer*

## SOAP

WEEK 3 • MAANDAG

**SOAP** / *Romeine 8:18*

**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

WEEK 3 • MAANDAG

### SOAP

*Romeine 8:18*

*Ek is daarvan oortuig dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen die heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie.*

### OORDENKING

Hierdie week, terwyl ons leer oor die proses van weeklag, fokus ons op wat dit beteken om God te vertrou en vertroue in ons weeklag uit te druk. Een sleutelelement in die klaagpsalms is die keerpunt, die oomblik wanneer die skrywer vertroue in God uitspreek te midde van in wanhoop tot Hom uitroep. In Klaagliedere spreek die profeet Jeremia geloof in God en vertroue in sy goedheid, krag en heiligheid uit, selfs te midde van algehele vernietiging.

Om te weeklaag op sigself is ‘n verklaring van vertroue. Wanneer ons huil en treur oor verliese, dood, pyn en hartseer, erken ons dat dit nie is hoe dinge veronderstel is om te wees nie. Ons glo God is goed, maar ons omstandighede wys nie dieselfde nie. Om te weeklaag laat ons toe om ons pyn en ons hartseer openlik aan God uit te druk. Wanneer ons God vra om iets vir ons te doen en in te gryp in ons situasie, spreek ons ons geloof uit. As ons nie glo dat God namens ons kan optree nie, sal daar geen rede wees om versoeke te rig nie. Om te weeklaag is die praktyk om ons pyn met God te deel en geloof uit te druk in beide sy vermoë en sy gewilligheid om ons te help.

Alhoewel dit ‘n deurslaggewende deel van weeklag is om ons pyn openlik teenoor God uit te druk, is dit ook ons verklaring van vertroue. Dit kan moeilik wees om God in ons diepste pyn te vertrou. Gedurende hierdie tye kan ons die Skrif lees wat verklaar wie God is, sy liefde vir ons, sy bereidwilligheid om op te tree en ons veiligheid in Hom.

Romeine 8:18–39 is ‘n uitstekende plek om te begin. Hierdie gedeelte erken lyding, druk die skoonheid van hoop uit en verkondig die onveranderlike liefde van God. Hierdie week sal ons hierdie gedeelte verskeie kere lees, elke dag met die fokus op ‘n ander waarheid.

Vandag begin ons met die erkenning van ons lyding in die lig van die ewigheid. Paulus het nie die lyding wat hy en die vroeë kerk ervaar het, geminimaliseer of geringeag nie. Hy het die kerk in Rome daaraan herinner hoe lyding ons nader aan Christus bring wanneer ons deel het in sy lyding. Maar dit maak nie saak wat ons ervaar nie, ons lyding is niks in vergelyking met die heerlikheid wat ons sal ervaar wanneer ons in die hemel met Hom verenig is nie. Ons word deur Hom verheerlik, en met Hom verenig in ons lyding.

**LEES**

*Week 3 • Dinsdag*

*Romeine 8:18-39*

Ek is daarvan oortuig dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen die heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie. 19 Die skepping sien met gespanne verwagting daarna uit dat God bekend sal maak wie sy kinders is. 20 Die skepping is immers nog aan verydeling onderworpe, nie uit eie keuse nie, maar omdat God dit daaraan onderwerp het. Daarby het Hy die belofte van hoop gegee: 21 die skepping sal self ook bevry word van sy verslawing aan die verganklikheid, om so tot die vryheid te kom van die heerlikheid waaraan die kinders van God deel sal hê. 22 Ons weet dat die hele skepping tot nou toe sug in die pyne van verwagting. 23 En nie net die skepping nie, maar ook ons wat die Gees ontvang het as die eerste gawe van God, ons sug ook. Ons sien daarna uit dat God sal bekend maak dat Hy ons as sy kinders aangeneem het: Hy sal ons van die verganklikheid bevry. 24 Ons is immers gered, en ons het nou hierdie hoop. Wat 'n mens al sien, hoop jy tog nie meer nie. Wie hoop nog op wat hy reeds sien? 25 Maar as ons hoop op wat ons nie sien nie, wag ons daarop met volharding. 26 Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie. 27 En God, wat die harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, want Hy pleit, volgens die wil van God, vir die gelowiges. 28 Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is. 29 Dié wat Hy lank tevore verkies het, het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat sy Seun baie broers kan hê van wie Hy die Eerste is. 30 Dié wat Hy daartoe bestem het, het Hy ook geroep. En dié wat Hy geroep het, het Hy ook vrygespreek. En dié wat Hy vrygespreek het,

**LEES**

*Week 3 • Dinsdag*

het Hy ook verheerlik. 31 Wat is nou ons gevolgtrekking
oor al hierdie dinge? Dít: God is vír ons, wie kan dan teen
ons wees? 32 Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar
Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie
al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?
33 Wie kan die uitverkorenes van God aankla? God self
spreek hulle vry. 34 Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus
het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek,
Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons. 35
Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding of
benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of
swaard? 36 Daar staan immers geskrywe: "Dit is oor U dat
die dood ons dag vir dag bedreig, dat ons soos slagskape
behandel word." 37 Maar in al hierdie dinge is ons meer
as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet. 38 Hiervan
is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of
teenswoordige of toekomstige dinge of kragte 39 of hoogte
of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die
liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus
Jesus ons Here.

**SKRYF**

*jou gedagtes neer*

# SOAP

WEEK 3 • DINSDAG

**SOAP /** *Romeine 8:24–25*
**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

DAGSTUKKIE

WEEK 3 • DINSDAG

## SOAP

*Romeine 8:24–25*

*Ons is immers gered, en ons het nou hierdie hoop. Wat 'n mens al sien, hoop jy tog nie meer nie. Wie hoop nog op wat hy reeds sien? Maar as ons hoop op wat ons nie sien nie, wag ons daarop met volharding.*

## OORDENKING

Paulus se woorde in Romeine 8 herinner ons dat om op God te vertrou nie 'n passiewe daad is nie. Inteendeel, dit is 'n doelbewuste keuse, 'n daaglikse toewyding om te onthou wie Hy is en wat Hy belowe het. Elke keer wat ons aan sy beloftes vashou, elke keer wat ons onthou hoe God bevryding belowe het, groei ons geloof.

Die lyding wat ons in hierdie wêreld verduur, is die gevolg van sonde. Ons persoonlike lyding mag dalk nie die gevolg van sonde wees nie, maar die rede vir gebrokenheid, pyn, slawerny en verval is sonde. Selfs die skepping ly onder die las van sonde, self ook in slawerny aan verganklikheid. Ons wêreld roep letterlik uit, kreun, smagtend na vryheid en verlossing.

Ons wag op byvryding. En wanneer ons in Christus is, het ons die gawe van hoop vir wat nog gaan kom. Hy het 'n glorieryke bevryding belowe, beide die fisieke en geestelike bevryding van ons liggame, maar dit kom nog. Ons sien met gespanne verwagting uit na wat belowe is. Ons leef in die "nog nie nou nie".

In die "nog nie nou nie" hou ons egter vas aan hoop – die hoop van volkome verlossing deur die werk van Jesus Christus. Te midde van slawerny, hou ons vas aan hierdie hoop. Te midde van die verval, hou ons vas aan hierdie hoop. Soos ons liggame breek, ons denke verander, ons geliefdes afsterf, of ons regerings ineenstort, hou ons vas aan hierdie hoop. Want in hierdie hoop is ons gered. Wanneer ons hoop in die werk van Christus is, in sy opoffering, opstanding, en terugkeer, is ons gered.

Hierdie hoop is wat ons in staat stel om aan te gaan. Sonder die hoop dat ons eendag die heerlikheid van Christus en ons volkome bevryding sal beleef, het ons geen rede om te kies om Hom te vertrou nie. Ons aktiewe keuse om daagliks aan sy beloftes vas te hou, is wat ons hoop laat toeneem.

Dit mag nooit makliker raak nie, maar ons leer om te volhard. Volharding is 'n pratyk, 'n dissipline. 'n Atleet kan nie 'n maraton aflê sonder om eers 'n myl (kilometer), dan nog een, en nog een te hardloop nie. Sy moet tydens haar oefening ly ten einde stamina op te bou, anders sal sy nie die resies voltooi nie. Op dieselfde manier leer ons volharding aan deur te volhard. As ons kies om te glo dat die Een wat ons gered het ons ook sal verlos van die lyding, sal ons volharding opbou terwyl ons ywerig op sy wederkoms wag.

**LEES**

*Week 3 • Woensdag*

*Romeine 8:18-39*

Ek is daarvan oortuig dat die lyding wat ons nou moet
verduur, nie opweeg teen die heerlikheid wat God vir ons
in die toekoms sal laat aanbreek nie. 19 Die skepping sien
met gespanne verwagting daarna uit dat God bekend sal
maak wie sy kinders is. 20 Die skepping is immers nog aan
verydeling onderworpe, nie uit eie keuse nie, maar omdat
God dit daaraan onderwerp het. Daarby het Hy die belofte
van hoop gegee: 21 die skepping sal self ook bevry word van
sy verslawing aan die verganklikheid, om so tot die vryheid
te kom van die heerlikheid waaraan die kinders van God
deel sal hê. 22 Ons weet dat die hele skepping tot nou toe
sug in die pyne van verwagting. 23 En nie net die skepping
nie, maar ook ons wat die Gees ontvang het as die eerste
gawe van God, ons sug ook. Ons sien daarna uit dat God
sal bekend maak dat Hy ons as sy kinders aangeneem het:
Hy sal ons van die verganklikheid bevry. 24 Ons is immers
gered, en ons het nou hierdie hoop. Wat 'n mens al sien,
hoop jy tog nie meer nie. Wie hoop nog op wat hy reeds
sien? 25 Maar as ons hoop op wat ons nie sien nie, wag ons
daarop met volharding. 26 Die Gees staan ons ook in ons
swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid
nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat
nie met woorde gesê word nie. 27 En God, wat die harte
deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, want Hy
pleit, volgens die wil van God, vir die gelowiges. 28 Ons
weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom
liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is. 29 Dié wat Hy
lank tevore verkies het, het Hy ook bestem om gelykvormig
te wees aan die beeld van sy Seun, sodat sy Seun baie broers
kan hê van wie Hy die Eerste is. 30 Dié wat Hy daartoe
bestem het, het Hy ook geroep. En dié wat Hy geroep het,
het Hy ook vrygespreek. En dié wat Hy vrygespreek het,

**LEES**

*Week 3 • Woensdag*

het Hy ook verheerlik. 31 Wat is nou ons gevolgtrekking
oor al hierdie dinge? Dít: God is vír ons, wie kan dan teen
ons wees? 32 Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar
Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie
al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?
33 Wie kan die uitverkorenes van God aankla? God self
spreek hulle vry. 34 Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus
het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek,
Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons. 35
Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding of
benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of
swaard? 36 Daar staan immers geskrywe: "Dit is oor U dat
die dood ons dag vir dag bedreig, dat ons soos slagskape
behandel word." 37 Maar in al hierdie dinge is ons meer
as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet. 38 Hiervan
is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of
teenswoordige of toekomstige dinge of kragte 39 of hoogte
of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die
liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus
Jesus ons Here.

**SKRYF**

*jou gedagtes neer*

## SOAP

WEEK 3 • WOENSDAG

**SOAP** / *Romeine 8:26*

**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## SOAP

*Romeine 8:26*

*Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie.*

## OORDENKING

Soos ons vandag verder op vertroue fokus, kry ons 'n nuwe rede om op God te vertrou: Hy ken ons harte, ons behoeftes, ons pyn, en ons omstandighede so innig dat Hy vir ons bid. Hy het 'n doel met al ons droefheid, lyding, leed en vreugde.

Te midde van 'n seisoen van diepe pyn of verlies, kan gebed moeilik wees. Dit kan onmoontlik voel om die regte woorde te vind om ons harte teenoor God uit te stort. Soos ons die praktyk van weeklag bestudeer het, het ons ontdek hoe God wil hê dat ons presies moet uitdruk hoe ons voel. Hy moedig ons aan om die moeilikste vrae te vra, om ons diepste twyfel uit te spreek, en ons donkerste pyn te verbaliseer. Romeine 8:26 sê vir ons dat die Heilige Gees, wat self God is, ons in ons swakheid bystaan deur vir ons te bid. Wanneer ons nie weet wat om te bid nie, en selfs al weet ons, tree die Heilige Gees altyd, maar altyd, namens ons in by die Vader.

Wanneer ons ons geloof in Christus plaas, kom woon die Heilige Gees in ons. Hy is altyd met ons, altyd in staat om ons te vertroos. Die Gees deurgrond ook ons harte. Hy ken ons grootste versugtinge, ons diepste verlange, en ons onbesproke vrese. En Hy bid altyd vir ons! Nie net ken die Heilige Gees God se wil nie (want Hy is God), maar hy ken ook die begeertes en verlange van ons harte. Hy kan vir ons op maniere bid wat ons nooit self sal kan nie. Hy bid volgens beide God se wil en die versugtinge van ons harte.

Dit is die verstommende waarheid! Wanneer ons besef dat ons innig geken word en dat daar volgens God se wil en ons eie versugtinge gebid word, kan ons duideliker sien hoe God werk. God laat inderdaad alles ten goede meewerk vir ons. Ons beswil en ons gemak is egter nie een en dieselfde nie. Ons beswil is om na Christus se beeld gevorm te word. Terwyl ons groot pyn en lyding in die proses mag verduur, kan ons glo dat God altyd, maar altyd tot ons beswil werk.

En ons weet dít: sy belofte om terug te keer en ons te verheerlik is so seker as sy belofte om ons van sonde te bevry. Hy spreek ons nie net vry nie, maar hy belowe om ons te verheerlik. Ons kan met sekerheid in hierdie hoop berus. Want hierdie huidige lyding kan nie vergelyk met die heerlikheid wat gaan kom nie.

**LEES**

*Week 3 • Donderdag*

*Romeine 18-39*

Ek is daarvan oortuig dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen die
heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie. 19 Die skepping
sien met gespanne verwagting daarna uit dat God bekend sal maak wie sy kinders is.
20 Die skepping is immers nog aan verydeling onderworpe, nie uit eie keuse nie, maar
omdat God dit daaraan onderwerp het. Daarby het Hy die belofte van hoop gegee:
21 die skepping sal self ook bevry word van sy verslawing aan die verganklikheid, om
so tot die vryheid te kom van die heerlikheid waaraan die kinders van God deel sal
hê. 22 Ons weet dat die hele skepping tot nou toe sug in die pyne van verwagting.
23 En nie net die skepping nie, maar ook ons wat die Gees ontvang het as die eerste
gawe van God, ons sug ook. Ons sien daarna uit dat God sal bekend maak dat Hy
ons as sy kinders aangeneem het: Hy sal ons van die verganklikheid bevry. 24 Ons is
immers gered, en ons het nou hierdie hoop. Wat ‘n mens al sien, hoop jy tog nie meer
nie. Wie hoop nog op wat hy reeds sien? 25 Maar as ons hoop op wat ons nie sien
nie, wag ons daarop met volharding. 26 Die Gees staan ons ook in ons swakheid by:
ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met
versugtinge wat nie met woorde gesê word nie. 27 En God, wat die harte deurgrond,
weet wat die bedoeling van die Gees is, want Hy pleit, volgens die wil van God, vir
die gelowiges. 28 Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom
liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is. 29 Dié wat Hy lank tevore verkies het,
het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat sy Seun
baie broers kan hê van wie Hy die Eerste is. 30 Dié wat Hy daartoe bestem het, het
Hy ook geroep. En dié wat Hy geroep het, het Hy ook vrygespreek. En dié wat Hy
vrygespreek het, het Hy ook verheerlik. 31 Wat is nou ons gevolgtrekking oor al
hierdie dinge? Dít: God is vír ons, wie kan dan teen ons wees? 32 Hy het sy eie Seun
nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die
ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie? 33 Wie kan die uitverkorenes van
God aankla? God self spreek hulle vry. 34 Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus
het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand
van God, Hy pleit vir ons. 35 Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding
of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard? 36 Daar staan
immers geskrywe: “Dit is oor U dat die dood ons dag vir dag bedreig, dat ons soos
slagskape behandel word.” 37 Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars
deur Hom wat vir ons liefhet. 38 Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele
of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte 39 of hoogte of diepte of
enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat
daar is in Christus Jesus ons Here.

## SOAP

WEEK 3 • DONDERDAG

**SOAP** / *Romeine 8:31–32*

**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

**DAGSTUKKIE**

WEEK 3 • DONDERDAG

## SOAP

*Romeine 8:31–32*

*Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge? Dít: God is vír ons, wie kan dan teen ons wees? Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?*

## OORDENKING

Soos Paulus aangaan om hierdie gedeelte af te sluit, het hy 'n reeks retoriese vrae gestel. Hy het sy lesers uitgenooi om hierdie gedagtes te oordink, gedagtes wat teenstrydig is met wat die wêreld glo. In plaas daarvan om alles in ons vermoë te doen om lyding te vermy, het Paulus ons aangemoedig om dit op so 'n manier te gebruik om ons hoop te versterk. Eerder as om mismoedig te raak in ons swakheid, word ons uitgenooi om op die Heilige Gees se bemoediging te steun terwyl Hy vir ons bid.

Indien al hierdie dinge waar is, watter gevolgtrekking kan ons daaroor maak? Wat kan ons sê? God is vir ons; daarom kan niks teen ons wees nie. God was bereid om sy enigste Seun vir ons te gee om die ewige lewe saam met Hom te hê. Hy het reeds die hoogste prys betaal – ons kan vertrou dat selfs te midde van diepe pyn, Hy steeds tot ons beswil werk.

Die Christene in Rome het ongetwyfeld baie teenstanders van beide hul geloof en bediening teëgekom. Selfs tóé, selfs terwyl hy vir Christus bo die lewe self gekies het, het Paulus sy lesers herinner dat niks werklik teen gelowiges in Christus staan nie aangesien God vir ons is.

Wanneer God namens ons optree, kan niks of niemand Hom teenstaan nie. Hy het alles vir ons gegee. In Christus is ons vrygespreek van sonde en sal in Hom verheerlik word. Terwyl ons wag op ons verlossing, het Hy alles vir ons gegee wat ons nodig het om te volhard, alles wat ons nodig het om te hoop, en alles wat ons nodig het om na die beeld van Christus gevorm te word.

In seisoene van donkerte, pyn, verlies, leed, teenstand, en siekte kan dit maklik wees om ons hoop te verloor. Dit kan maklik wees om nie op God te vertrou nie, maar eerder staat te maak op onsself en ons aardse gemak. God is egter die enigste Een wat alles vir ons gegee het. As jy in Christus is, is Hy nooit teen jou nie, selfs wanneer dit so voel. Hy is altyd teenwoordig. Sy Heilige Gees bid altyd vir jou. Hy laat altyd alles ten goede meewerk vir jou. Hy is voortdurend besig om jou na die beeld van Christus te vorm. Hy het jou vrygespreek, en niks kan dit verander nie. En Christus self is aan die regterhand van die Vader, voortdurend besig om namens jou in te tree. Hy is vir jou.

**LEES**

*Week 3 • Vrydag*

*Romeine 8:18-39*

Ek is daarvan oortuig dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen die
heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie. 19 Die skepping
sien met gespanne verwagting daarna uit dat God bekend sal maak wie sy kinders
is. 20 Die skepping is immers nog aan verydeling onderworpe, nie uit eie keuse
nie, maar omdat God dit daaraan onderwerp het. Daarby het Hy die belofte van
hoop gegee: 21 die skepping sal self ook bevry word van sy verslawing aan die
verganklikheid, om so tot die vryheid te kom van die heerlikheid waaraan die
kinders van God deel sal hê. 22 Ons weet dat die hele skepping tot nou toe sug
in die pyne van verwagting. 23 En nie net die skepping nie, maar ook ons wat die
Gees ontvang het as die eerste gawe van God, ons sug ook. Ons sien daarna uit dat
God sal bekend maak dat Hy ons as sy kinders aangeneem het: Hy sal ons van die
verganklikheid bevry. 24 Ons is immers gered, en ons het nou hierdie hoop. Wat ‘n
mens al sien, hoop jy tog nie meer nie. Wie hoop nog op wat hy reeds sien? 25 Maar
as ons hoop op wat ons nie sien nie, wag ons daarop met volharding. 26 Die Gees
staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie,
maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie.
27 En God, wat die harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, want
Hy pleit, volgens die wil van God, vir die gelowiges. 28 Ons weet dat God alles ten
goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is. 29
Dié wat Hy lank tevore verkies het, het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan
die beeld van sy Seun, sodat sy Seun baie broers kan hê van wie Hy die Eerste is.
30 Dié wat Hy daartoe bestem het, het Hy ook geroep. En dié wat Hy geroep het,
het Hy ook vrygespreek. En dié wat Hy vrygespreek het, het Hy ook verheerlik. 31
Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge? Dít: God is vír ons, wie kan
dan teen ons wees? 32 Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om
ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade
skenk nie? 33 Wie kan die uitverkorenes van God aankla? God self spreek hulle vry.
34 Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit
die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons. 35 Wie kan
ons van die liefde van Christus skei? Lyding of benoudheid of vervolging, honger of
naaktheid, gevaar of swaard? 36 Daar staan immers geskrywe: “Dit is oor U dat die
dood ons dag vir dag bedreig, dat ons soos slagskape behandel word.” 37 Maar in al
hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet. 38 Hiervan
is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige
dinge of kragte 39 of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons
van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.

# SOAP

WEEK 3 • VRYDAG

**SOAP** / *Romeine 8:38–39*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

**DAGSTUKKIE**

WEEK 3 • VRYDAG

## SOAP

*Romeine 8:38–39*

*Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.*

## OORDENKING

Ons het geleer dat weeklag 'n gebruik is. Dit is 'n manier om ons harte aan God uit te druk in seisoene van hartseer en verlies. Dikwels kan hierdie seisoene so lank, so donker of so swaar lyk dat ons voel asof ons dalk nooit daardeur sal kom nie.

Paulus se woorde in Romeine herinner ons daaraan dat niks, absoluut niks ons van God se liefde kan skei nie. Ongeag hoe ons voel, sy liefde verander nooit nie. Hy verander nooit nie. Wanneer ons omstandighede onvoorspelbaar is, wanneer ons so verlore voel in wanhoop, verander Hy nooit nie en sy liefde vir ons hou nooit op nie.

Die praktyk van weeklag sluit in om ons vertroue in God uit te druk. Ons kan hierdie vertroue uitdruk deur bloot die Skrif te herhaal terwyl ons vashou aan wat waar is, eerder as wat ons voel. Roemeine 8:38-39 beskryf Paulus se eie geloofsverklaring. Hy deel met sy lesers dat hy oortuig is dat niks hom kan skei van die liefde van God in Christus Jesus nie.

Toe Paulus die brief aan die Romeine geskryf het, het hy baie swaarkry vir die saak van Christus ervaar. Nie net dit nie, maar Paulus het self Chistene vervolg. Hy het eerstehands Stefanus se vertroue in Christus gesien, selfs in die dood (Handelinge 7:54- 8:1). Hy het persoonlik vervolging deur regerende owerhede ervaar (Handelinge 9:23-25), konflik binne die kerk (Handelinge 15) en gevangenisstraf (Handelinge 16:16 - 40) Wanneer ons Paulus se ervarings onthou, kan ons sien hoe waar sy bewerings is in verse 38-39. Niks, nie een ding wat hy of enige iemand anders ervaar het, kon hom van die liefde van God skei nie.

Seisoene van pyn sal regdeur ons lewens kom en gaan. Wanneer ons onsself met waarheid bewapen, kan ons ons vertroue in God verkondig terwyl ons in hierdie moeilike seisoene weeklaag. Sonder vertroue is ons weeklag sonder hoop. Sonder om te glo dat ons God vir ons is, kan die pyn verlammend wees. Wanneer ons oortuig is dat niks ons van sy liefde kan skei nie, word ons weeklag lof. Ons verklarings van vertroue bring eer aan God maak nie saak hoe donker en desperaat ons omstandighede is nie.

## OORDENKING

WEEK 3

1. *Wat is sommige van jou 'huidige lyding'? Glo jy dat hierdie dinge nie kan vergelyk met die komende heerlikheid wat ons in Christus het nie? Hoekom of hoekom nie?*

..............................................................................................

..............................................................................................

..............................................................................................

2. *Hoe is hoop en uithouvermoë verbind? Hoe kan jy lyding verduur sonder om dit te ignoreer of te af te maak? Hoe vertrou jy God om jou te help volhard?*

..............................................................................................

..............................................................................................

..............................................................................................

3. *Hoe het jy beleef hoe die Heilige Gees jou help in jou swakheid? Vind jy dit vertroostend om te weet dat die Heilige Gees vir jou bid? Hoekom of hoekom nie?*

..............................................................................................

..............................................................................................

..............................................................................................

4. *Glo jy dat God in alles vir jou ten goede meewerk? Glo jy dat Hy vír jou is? Hoe kan jy seker wees?*

..............................................................................................

..............................................................................................

..............................................................................................

5. *Het jy al ooit iets beleef wat gelyk het of dit jou van God se liefde kon skei? Wat was die resultaat?*

..............................................................................................

..............................................................................................

..............................................................................................



*Ek was in die rou,*
*maar U het my van*
*vreugde laat dans.*
*U het my rouklere*
*uitgetrek en vir my*
*feesklere aangetrek.*
*Daarom sal ek sing*
*tot u eer; ek sal*
*nie stilbly nie.*

*Psalm 30:12-13*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Verbind jouself om hierdie week toegewyde tyd te spandeer om God elke dag te loof. Begin met vyf minute en voeg meer by as jy kan. Lees deur 'n lofpsalm of gebruik jou eie woorde. Om sy lof te verklaar, herinner ons aan sy liefde vir ons en sy vermoë om kragtig in ons lewens te werk.*

**LEES**

*Week 4 • Maandag*

*Psalm 30*

1 ‘n Psalm. ‘n Lied vir die inwyding van die tempel.
Van Dawid. 2 Ek wil u lof verkondig, Here, want U
het my gered en my vyande nie laat bly wees oor my
nie. 3 Here my God, ek het na U geroep om hulp en
U het my gesond gemaak. 4 Here, U het my gered
van die doderyk, my aan die lewe gehou toe ek al op
pad was na die dood toe. 5 Sing tot eer van die Here,
julle wat Hom getrou dien, loof sy heilige Naam!
6 Waarlik, sy toorn duur net ‘n oomblik, maar sy
goedheid lewenslank. Gisteraand was daar nog trane
en vanmôre lag ek al weer. 7 Toe dit goed gegaan het,
het ek wel gesê: “Niks sal my ooit laat wankel nie.” 8
Deur u goedheid het U my op ‘n veilige berg laat staan,
Here. Maar toe U U aan my onttrek het, het ek baie
bang geword. 9 Ek het na U geroep, Here. Ek het U
om genade gesmeek: 10 “Watter voordeel is daar in
my ondergang as ek die graf moet ingaan? Kan stof
U loof? Kan dit u trou verkondig? 11 Luister, Here,
en wees my genadig! Help my, Here!” 12 Ek was in
die rou, maar U het my van vreugde laat dans. U het
my rouklere uitgetrek en vir my feesklere aangetrek. 13
Daarom sal ek sing tot u eer; ek sal nie stilbly nie. Here
my God, vir altyd sal ek U loof!

## SOAP

WEEK 4 • MAANDAG

**SOAP** / *Psalm 30:12-13*

**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## SOAP

*Psalm 30:12–13*

*Ek was in die rou, maar U het my van vreugde laat dans. U het my rouklere uitgetrek en vir my feesklere aangetrek. Daarom sal ek sing tot u eer; ek sal nie stilbly nie. Here my God, vir altyd sal ek U loof!*

## OORDENKING

Lofprysing is 'n deurslaggewende aspek van die praktyk van weeklag. Weeklag is meer as die uitdrukking van ons diepste seer en behoeftes aan God; dit is 'n verklaring van geloof in God se karakter en krag en sy vermoë en gewilligheid om namens ons op te tree. Lofprysing is wat weeklag onderskei van kla. Lofprysing voltooi die praktyk van weeklag. Nadat ons ons pyn aan God uitgespreek het, verklaar ons sy heiligheid wat onveranderlik is, ongeag ons omstandighede.

Hierdie week sal ons vyf lofpsalms bestudeer en dit gebruik in ons praktyk van weeklag. Wanneer ons lof aan God verklaar, herinner ons onsself aan wie Hy is, wat ons help om gefokus te bly op ons Verlosser in plaas van ons omstandighede.

Psalm 30 is deur Koning Dawid gekryf. Dawid het baie swaarkry en pyn ervaar en hierdie Psalm is 'n getuienis van die manier waarop God hom herstel en verlos het. Hierdie Psalm is gekryf om gebruik te word by die inwyding van die tempel in Jerusalem. Dawid het hierdie lied geskryf in die verwagting dat God sou doen wat Hy gesê het Hy sou doen – om Dawid se seun toe te laat om 'n tempel in Jerusalem te bou.

Ons kan baie leer uit die struktuur van Dawid se Psalm terwyl ons ons eie lofprysing vorm. Dawid begin met lofprysing en dank God vir verlossing van sy vyande. Hy loof God omdat Hy hom gered het, hom vergewe het en hom genadig was. Dawid erken sy sonde, sy ervaring van God se woede oor sy sonde en die onverdiende genade wat God aan hom bewys het, wat meer was as wat hy verdien het. Hy loof God vir sy voordurende verlossing, sy konstante teenwoordigheid en sy volmaakte karakter.

Neem vandag tyd om Psalm 30 hardop tot God te bid. Vul jou eie ervarings in as jy kan of herhaal eenvoudig Dawid se woorde. Toe Dawid hierdie Psalm gekryf het, het hy nie die vervulling gesien van God se belofte om 'n tempel te bou nie, maar hy was vol vertroue dat God sy belofte sou nakom. In seisoene van pyn kan ons vol vertroue wees dat ons God is wie Hy sê Hy is. Hy is die belofte-houdende God, die God van barmhartigheid wat weeklag in dans verander, wat ons roukleed uittrek en ons met vreugde beklee. Mag ons Hom altyd dank.

**LEES**

*Week 4 • Dinsdag*

*Psalm 9*

1 Vir die koorleier: op die wysie van "By die dood van die seun".
'n Psalm van Dawid. 2 Met my hele hart wil ek U prys, Here,
wil ek van u magtige reddingsdade vertel. 3 Oor U wil ek my
verbly en vrolik wees, u Naam wil ek besing, o Allerhoogste. 4
Toe U verskyn het, het my vyande gevlug, hulle het gestruikel en
omgekom. 5 Toe U op die troon gaan sit het as betroubare regter,
het U aan my reg laat geskied. 6 U het die nasies met vernietiging
gedreig, die skuldiges laat omkom, hulle naam vir altyd uitgewis.
7 Dit is klaar met die vyand, daar bly net puinhope oor. U het
hulle stede verwoes, niemand dink eers meer aan hulle nie. 8 Die
Here is altyd op sy troon; op sy regterstoel is Hy steeds gereed vir
die regspraak. 9 Hy lewer 'n regverdige uitspraak oor alle mense,
Hy vel 'n billike vonnis oor die nasies. 10 Vir die mens wat in
gevaar verkeer, is die Here 'n toevlug, 'n skuilplek in tye van nood.
11 Daarom vertrou almal wat u Naam bely, op U, want U, Here,
laat dié wat vra na u wil, nie in die steek nie. 12 Sing tot eer van
die Here wat op Sion woon, vertel die volke van sy dade! 13 Hy
dink aan die onskuldiges en wreek hulle dood, Hy verontagsaam
nie die geroep van dié wat in nood verkeer nie. 14 Wees my
genadig, Here, aanskou die ellende wat my haters my aangedoen
het, U wat my terugruk uit die poorte van die dood. 15 Dan kan
ek van al u roemryke dade vertel, in die poorte van Sion kan ek
juig oor die uitkoms wat U gegee het. 16 Die nasies het in die gat
geval wat hulle gegrawe het, hulle voete is vasgevang in die net
wat hulle gespan het. 17 So het die Here Hom bekend gemaak,
Hy het reg laat geskied, en die skuldige is deur sy eie handewerk
gevang. Higgajon Sela 18 Die doderyk is die bestemming van die
skuldiges, van al die nasies wat aan God nie dink nie. 19 Waarlik,
die behoeftiges word nie vir altyd vergeet nie, nie vir ewig sal die
verwagting van dié wat in nood is, vrugteloos wees nie. 20 Gryp
tog in, Here, sodat die mens hom nie verhef nie. Laat die nasies
voor U teregstaan. 21 Vervul hulle so met vrees, Here, dat hulle
erken dat hulle net mense is. Sela

## SOAP

WEEK 4 • DINSDAG

**SOAP /** *Psalm 9:11*
**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

**DAGSTUKKIE**

WEEK 4 • DINSDAG

## SOAP

*Psalm 9:11*

*Daarom vertrou almal wat u Naam bely, op U, want U, Here, laat dié wat vra na u wil, nie in die steek nie.*

## OORDENKING

In seisoene van pyn en hartseer is die laaste ding wat ons dalk wil doen, om God te loof. Maar lofprysing is ‘n noodsaaklike deel van ons geloof. Wanneer ons lof aan God bring, verklaar ons sy majesteit, beide aan onsself en aan Hom. Lofprysing herinner ons aan wie God is, net soveel as wat dit ‘n daad van aanbidding is. Wanneer ons oortuig is van God se liefde vir ons, kan ons ons pyn in ‘n nuwe lig sien.

Psalm 9 is nog ‘n lofpsalm. Hierdie psalm is ook deur Dawid geskryf, alhoewel die teks vir ons geen aanduiding gee van die omstandighede waarin dit geskryf is nie. Ons weet dat Dawid in baie gevegte met sy vyande betrokke was. God het hom egter altyd verlos. Daar is baie elemente ingesluit in Psalm 9: ‘n verkondiging van dank en lof, onthou van God se vernietiging van sy vyande, ‘n verklaring van God se karakter, ‘n oproep tot die vergadering vir lof, ‘n belofte van voortgesette lof, nog ‘n verklaring van God se geregtigheid op die goddelose, en ‘n versoek vir God om die nasies te oordeel.

Daar is geen formule vir lofprysing nie, alhoewel ons by Dawid kan leer. Dawid se lof het hom herinner aan hoe God in die verlede opgetree het, en hom verseker dat God in sy huidige omstandighede sou optree. Hy het verlossing van sy vyande nodig gehad, daarom het hy die kere wat God hom in die verlede van sy vyande verlos het, onthou. Deur God se getrouheid in die verlede te onthou, kon Dawid op God se getrouheid in die toekoms vertrou. Terwyl hy God vir sy karakter geprys het, het hy God se vermoë om te red, onthou.

Lof is bedoel om gedeel te word. Hier het Dawid die gemeente aangemoedig om “te sing tot eer van God” en om “aan die nasies te vertel wat hy gedoen het” (v. 12). Hierdie psalm is geskryf vir die koorleier, die persoon wat die mense in gemeenskaplike lof voor God sou lei. Dawid het die volk geroep om te dink aan alles wat God vir hulle gedoen het en om die nasies van sy werke te vertel.

Dawid se lof sluit ook ‘n versoek in. Nadat hy God geloof het omdat hy sy vyande vernietig het, vra Dawid weer vir God om die goddelose te oordeel. Versoeke is deel van lof. Wanneer ons God vra om in ons behoeftes te voorsien, verklaar ons dat Hy daartoe in staat en gewillig is. Hy word geëer deur ons lof en ons versoeke, aangesien beide ons geloof in Hom bevestig.

**LEES**

*Week 4 • Woensdag*

*Psalm 116*

1 Ek het die Here lief, want Hy verhoor my smeekgebede. 2
Hy het na my geluister toe ek Hom aangeroep het. 3 Bande
van die dood het my omsluit, doodsangs het my aangegryp,
ek het benoud en bekommerd geword. 4 Toe het ek die
Naam van die Here aangeroep: "Here, red my tog!" 5 Die
Here is genadig en regverdig, ons God ontferm Hom oor
ons. 6 Die Here beskerm die hulpeloses: ek was magteloos,
maar Hy het my gered. 7 Ek moet nou tot rus kom, die Here
het goed aan my gedoen: 8 U het my van die dood gered,
U het 'n einde gemaak aan my trane, U het gesorg dat ek
nie weer struikel nie. 9 Ek kon voor die Here bly wandel
in die land van die lewendes. 10 Ek het in U bly glo, selfs
toe ek gedink het dit is klaar met my 11 en toe ek in my
vertwyfeling besef het: ek kan op geen mens staatmaak nie.
12 Hoe sal ek die Here vergoed vir al sy weldade aan my? 13
Met 'n drankoffer sal ek van sy redding getuig en die Naam
van die Here aanroep. 14 My geloftes aan die Here sal ek
betaal in die teenwoordigheid van sy hele volk. 15 Vir die
Here is die dood van sy troue dienaars geen geringe saak
nie. 16 Ek is u dienaar, Here, van my geboorte af is ek al
u dienaar: U het my vry gemaak. 17 Ek wil U loof met 'n
dankoffer, ek wil die Naam van die Here aanroep. 18 My
geloftes aan die Here sal ek betaal in die teenwoordigheid
van sy hele volk, 19 in die voorhowe van die huis van die
Here, binne-in jou, Jerusalem! Prys die Here!

## SOAP

WEEK 4 • WOENSDAG

**SOAP /** *Psalm 116:12–13*

**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## SOAP

*Psalm 116:12–13*

*Hoe sal ek die Here vergoed vir al sy weldade aan my? Met 'n drankoffer sal ek van sy redding getuig en die Naam van die Here aanroep.*

## OORDENKING

Psalm 116 is 'n pragtige lofverklaring aan die Here. Die psalmis loof God omdat Hy hom verlos het van dood, pyn, moeilikheid en hartseer. Dit is een van die Hallel Psalms, die liedere wat gebruik word in lofprysing in verband met die Pasga en ander Hebreeuse feeste. Hierdie psalms is elke jaar opgesê of gesing om te onthou hoe God sy volk van die Egiptenare verlos het.

Hierdie psalm is 'n herinnering aan God se getrouheid. Die skrywer vertel van die baie maniere waarop God hom uit die moeilikheid verlos het. Hy herinner homself ook om te rus in wat die Here reeds gedoen het (v. 7). Die psalmis vertel steeds hoe God hom van die dood gered het en hoe hy, as gevolg van God se verlossing, vasberade is om die Here te dien. Hy smag daarna om die Here te vergoed vir sy goedheid (v. 12), iets waartoe geen mens ooit in staat is nie. Maar sy begeerte om dit te doen wys vir ons hoeveel God sy lewe moes herstel en verlos het.

Hierdie lofpsalm is bedoel om ons aan te moedig, ongeag wat ons in die gesig staar. Dit is 'n herinnering aan God se karakter: sy goedheid, barmhartigheid, deernis, vriendelikheid en krag. Maak nie saak wat ons voel nie, ons kan God se verlossing verklaar, al sien ons dit nog nie kom nie. Ons geloof mag geskud word, maar deur sy lof te verkondig, versterk ons dit.

Ons God is besig met verlossing. Wanneer sy mense na Hom roep, antwoord Hy. Hy is die God wat ons red wanneer ons gekonfronteer word met moeilikheid en hartseer. Hy beskerm ons en Hy red ons lewens van die dood.

Neem 'n oomblik om te evalueer waar jou geloof vandag is. Is dit vir jou maklik om die eienskappe van God wat die psalmis beklemtoon, te glo? Of vind jy dat jy jouself afvra "Hoekom het God nie hierdie dinge vir my gedoen nie?" Maak nie saak wat jou reaksie is nie, God bly onveranderd. Hierdie eienskappe van sy karakter verander nooit nie. Hulle is altyd dieselfde. Hy is vir ewig die God wat ons smekinge aanhoor, wat ons met goedheid oorlaai.

In seisoene van hartseer en pyn is ons beste wapen teen wanhoop en hopeloosheid om God se lof te verkondig. Hy alleen kan ons gesondheid, ons finansies, ons verhoudings, ons nasies, ons werk en ons harte verander. Hou altyd vas aan hierdie waarheid, veral wanneer dit die moeilikste is om te glo. Eendag, moontlik nie voordat ons Hom in heerlikheid ontmoet nie, sal ons almal sê: "Hoe kan ek die Here vergoed vir al sy goedertierenheid teenoor my?" Ons sal almal ons verlossing vier wat slegs deur Hom en altyd deur Hom kom.

**LEES**

*Week 4 • Donderdag*

*Psalm 106*

1 Prys die Here! Loof die Here, want Hy is goed, aan sy
liefde is daar geen einde nie! 2 Wie kan die magtige dade
van die Here onder woorde bring? Wie kan sy lof ten volle
verkondig? 3 Dit gaan goed met mense wat die reg handhaaf,
wat by elke geleentheid geregtigheid doen. 4 Dink aan my,
Here, in u liefde vir u volk, sluit my ook in by u redding, 5
dat ek die voorspoed van u uitverkorenes mag aanskou en
mag deel in die blydskap van u volk, my mag verheug saam
met dié wat aan U behoort. 6 Ons het gesondig, net soos
ons voorvaders, ons het verkeerd gedoen, ons is skuldig. 7
Ons voorvaders het in Egipte nie ag geslaan op u magtige
dade nie, hulle het nie gedink aan al u dade van trou nie,
hulle het teen U in verset gekom by die Rietsee. 8 Maar Hy
het hulle gered ter wille van die eer van sy Naam en om sy
mag bekend te maak. 9 Hy het die Rietsee aangespreek en
dit het opgedroog, Hy het sy volk oor die seebodem laat trek
soos oor droë grond. 10 So het Hy hulle gered uit die hand
van hulle haters, hulle bevry uit die mag van die vyand.
11 Die waters het hulle teëstanders verswelg, nie één het
oorgebly nie. 12 Tóé het sy volk sy beloftes geglo en sy lof
besing. 13 Maar hulle het gou vergeet wat Hy gedoen het en
nie op sy leiding gewag nie. 14 Hulle het skaamteloos meer
kos geëis in die woestyn, daar in die barre wêreld het hulle
die geduld van God beproef. 15 Toe het Hy hulle gegee wat
hulle gevra het, maar hulle van siekte laat wegteer. 16 Langs
die trekpad het hulle hulle in afguns teen Moses verset
en teen Aäron wat aan die Here gewy was. 17 Toe het die
aarde geskeur en vir Datan verslind, dit het die bende van
Abiram verswelg. 18 'n Vuur het hulle hele bende verteer,
die goddelose het in die vlamme omgekom. 19 By Horeb

## LEES
*Week 4 • Donderdag*

het hulle ‘n kalf gemaak, voor ‘n god van metaal gekniel. 20
Hulle het die magtige teenwoordigheid van God verruil vir
die beeld van ‘n bees wat gras vreet. 21 So het hulle vir God,
hulle redder, vergeet, Hy wat groot dinge in Egipte gedoen
het, 22 wonderdade in die land van Gam, magtige dade by
die Rietsee. 23 Die Here wou hulle verdelg, maar Moses, sy
uitverkorene, het by Hom vir hulle in die bres getree om sy
gramskap af te keer, sodat Hy hulle nie vernietig het nie.
24 Hulle het ‘n waardevolle land versmaai en die belofte
van die Here nie geglo nie; 25 hulle het in hulle tente gesit
en mor en nie na die Here geluister nie. 26 Toe het Hy ‘n
eed afgelê dat Hy hulle in die woestyn sou laat omkom,
27 hulle nageslag sou laat sterf onder heidense nasies,
hulle oor die wêreld sou verstrooi. 28 Hulle het Baäl-Peor
aangehang en geëet van wat aan die dooie afgode geoffer
is. 29 Hulle het die Here uitgetart met wat hulle gedoen
het, en ‘n plaag het onder hulle uitgebreek. 30 Pinehas het
opgetree en die skuldiges gestraf, en die plaag het opgehou.
31 Dié optrede is deur al die geslagte heen vir Pinehas as
‘n daad van geregtigheid toegereken. 32 Die volk het die
Here se toorn by die Meribawaters laat ontvlam, en Moses
het die wrange vrugte van hulle optrede gepluk: 33 hulle
het hom so verbitterd laat raak dat hy onbesonne dinge gesê
het. 34 Hulle het nie die ander volke uitgeroei soos die Here
hulle beveel het nie, 35 maar hulle met die heidene vermeng
en húlle praktyke aangeleer: 36 hulle het die afgode van
die heidene begin dien en daarin verstrik geraak. 37 Hulle
het hulle seuns en dogters aan veldduiwels geoffer 38 en
onskuldige bloed vergiet, die bloed van hulle seuns en
dogters wat hulle aan die afgode van Kanaän geoffer het.
So is die land met bloed bevlek. 39 Die volk het hulle

**LEES**

*Week 4 • Donderdag*

verontreinig deur hulle optrede en het troubreuk gepleeg
deur hulle dade. 40 Die toorn van die Here het teen sy volk
ontvlam, Hy het 'n weersin gekry in die volk wat aan Hom
behoort 41 en hulle aan heidene oorgegee, sodat hulle haters
oor hulle geheers het. 42 Hulle vyande het hulle verdruk en
hulle onder hulle gesag laat buig. 43 Talle kere het die Here
sy volk gered, maar hulle het opstandig gebly en dieper in
hulle sonde weggesink. 44 Tog het Hy sy oë nie vir hulle
nood gesluit nie; Hy het hulle smeekgebede verhoor. 45 Ter
wille van hulle het Hy aan sy verbond gedink, en in sy groot
liefde was Hy genadig. 46 Hy het hulle medelye laat vind by
dié wie se gevangenes hulle was. 47 Red ons, Here ons God,
maak ons bymekaar tussen die volke uit, dat ons u heilige
Naam kan loof en ons in u lof kan verheug. 48 Aan die Here
die God van Israel kom die lof toe tot in die allerverste
toekoms. Die hele volk moet sê: "Amen! Prys die Here!"

## SOAP

WEEK 4 • DONDERDAG

**SOAP** / *Psalm 106:48*

**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

WEEK 4 • DONDERDAG

### SOAP

*Psalm 106:48*

*Aan die Here die God van Israel kom die lof toe tot in die allerverste toekoms. Die hele volk moet sê: "Amen! Prys die Here!"*

### OORDENKING

Psalm 106 is ‘n goeie voorbeeld van lof en vertroue in God. Die psalmis sluit ‘ n lang, breedvoerige verslag van God se handelinge met Israel in. Hy onthou die manier waarop God sy mense in die woestyn gered het. Hy erken God se sorg vir hulle toe hulle honger en dors was en in nood tot Hom uitgeroep het. Hy onthou die maniere waarop God hulle honger bevredig het en hulle van hulle vyande verlos het. Toe die mense gesondig het, het hulle die gevolge van hulle sonde in die gesig gestaar en God se toorn ervaar. Maar God het hulle nooit verlaat nie. Hy het altyd wonderlike dade namens hulle gedoen en hulle gered elke keer as hulle dringend hulp nodig gehad het.

Daar is tye wanneer ons pyn die gevolg is van ons sonde. Daar is tye wanneer ons pyn veroorsaak word deur die sonde van iemand anders. En daar is tye wanneer pyn die gevolg is van ons gebroke wêreld.

Berou is ‘n belangrike aspek van weeklag. Alhoewel ons onmiddelike situasie dalk nie die gevolg van sondige dade is nie, is ons almal sondaars wat God se genade nodig het. Wanneer ons berou toon, onthou ons ons eie hulpeloosheid sowel as die krag van God om ons te red. Sonder Hom sou ons verlore wees in uiterste duisternis, verswelg deur ons sonde en niks anders as die dood verwag nie. Maar as ons in Christus is, het ons ongelooflike hoop! Berou herinner ons aan ons gevalle, sondige toestand, ons barmhartige Verlosser en ons ewige hoop op Hom. Dit lei ons om lof te gee omdat ons die goedheid, getrouheid, krag en barmhartigheid van ons groot God onthou.

Ons God is goed. Sy lojale liefde duur voort. Hy is magtig en al sy dade is lofwaardig. Hy onthou sy volk. Selfs in ons sonde, onthou Hy ons. Hy hoor ons geroep om hulp. En Hy verlos.

Hy alleen is waarvoor ons hoop. Hy alleen gee ons alles wat ons nodig het. Terwyl ons op Hom vertrou vir vergifnis en verlossing, is ons hoop in sy voltooide werk aan die kruis, nie in ons eie goeie dade of in ‘n gebrek aan lyding nie. Ons weeklag sluit berou, vertroue en lof in: om ons sonde te erken, op Jesus se offer te vertrou en God te loof vir die ewige lewe wat ons in Christus het. Hy alleen verdien die lof. Terwyl ons sy magtige werke en sy getroue karakter onthou, moet ons strewe daarna dat ons deur ons lewens Hom voortdurend loof.

**LEES**

*Week 4 • Vrydag*

*Psalm 145*

1 ‘n Loflied van Dawid. Ek wil u lof verkondig, my God
en Koning, ek wil u Naam altyd loof. 2 Elke dag wil ek U
loof, ek wil u Naam altyd prys. 3 Die Here is groot, alle
lof kom Hom toe, sy grootheid is ondeurgrondelik. 4 Geslag
na geslag prys wat U doen en vertel van u magtige dade, 5
van die luister, die heerlikheid van u majesteit. Ek wil getuig
van u magtige dade, 6 sodat die mense oor u wonderdade sal
praat. Ek wil van u grootheid vertel. 7 Sonder ophou moet
hulle u groot goedheid verkondig en oor u reddingsdade
jubel. 8 Genadig en barmhartig is die Here, lankmoedig en
vol liefde. 9 Die Here is vir almal goed en barmhartig oor
alles wat Hy geskep het. 10 Almal wat deur U geskep is, loof
U, Here, en u troue dienaars prys U! 11 Hulle vertel van u
koninklike mag en getuig van u groot krag. 12 Die mense
moet weet van sy krag, van sy koninklike mag en majesteit.
13 U koningskap is ‘n koningskap vir alle tye, u heerskappy
strek oor die geslagte heen. 14 Die Here help almal op wat
geval het. Hy ondersteun dié wat bedruk is. 15 Die oë van
almal is op U gerig, en U gee hulle kos op hulle tyd. 16 U
maak u hand oop en skenk u guns in oorvloed aan al wat
leef. 17 Die Here is regverdig in al sy handelinge, getrou
in alles wat Hy doen. 18 Die Here is naby almal wat Hom
aanroep, almal wat Hom in opregtheid aanroep. 19 Aan dié
wat Hom dien, gee Hy wat hulle vra, Hy hoor as hulle om
hulp roep, en Hy red hulle. 20 Die Here beskerm almal wat
Hom liefhet, maar al die goddeloses verdelg Hy. 21 Ek sal die
lof van die Here verkondig. Laat al wat leef, sy heilige Naam
vir altyd prys.

## SOAP

WEEK 4 • VRYDAG

**SOAP /** *Psalm 145:2–3*

**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

**DAGSTUKKIE**
WEEK 4 • VRYDAG

## SOAP

*Psalm 145:2–3*

*Elke dag wil ek U loof, ek wil u Naam altyd prys. Die Here is groot, alle lof kom Hom toe, sy grootheid in ondeurgrondelik.*

## OORDENKING

Daar is soveel dinge wat ons ervaar wat vir ons pyn veroorsaak. Ons smag na genesing, verlang dat ons gebrokenheid herstel word, en ons roep uit na God in ons pyn. Ons het baie geleer oor die praktyk van weeklag deur die afgelope vier weke. Ons het gesien hoe God ons uitroepe van pyn wil hoor. God wil hê ons moet ons seer met Hom deel. Maar Hy begeer ook ons vertroue en ons lof.

God is lofwaardig. Hy alleen het ons gered. Hy alleen het ons verlos. En Hy alleen gaan voort om sy lojale liefde aan ons te wys.

Lofprysing draai ons fokus van ons situasie na ons God. Lofprysing bring ons gedagtes en harte in lyn met die waarheid oor God, oor onsself en oor ons situasie. Soos die psalmis sê, "niemand kan sy grootheid peil nie" (Psalm 145:3). Ons kan dít wat ons weet van sy karakter en wat ons Hom sien doen, loof. Ons kan sy grootheid oor ons omstandighede verklaar, vol vertroue dat, ongeag wat ons in die gesig staar, ons God altyd soewerein en in beheer is.

Hoe kan jy Hom vandag loof? As lofprysing te moeilik lyk, lees die psalmis se verklaring in Psalm 145 hardop. Verklaar sy lof al voel jy nie so nie. Om God te prys is nie net 'n daad van aanbidding nie, dit is 'n daad van geloof. Wanneer ons sy goedheid verklaar, ongeag wat ons in die gesig staar, versterk ons ons geloof in Hom. Lofprysing lig ons oë na Hom. Dit stel ons in staat om die merkwaardige dade van sy getrouheid in ons verlede te onthou sodat ons Hom kan vertrou vir merkwaardige dade van getrouheid in ons toekoms.

Wat het God vir jou gedoen? Op watter maniere het jy sy getrouheid gesien? Loof Hom vir hierdie dinge. Glo Hy sal voortgaan om sy getrouheid aan jou te wys in die toekoms. Soos ons die studie afsluit, onthou dat weeklag 'n gebruik is. Dit is iets wat ons deur ons geloofslewe sal aanhou ontwikkel en ontdek. Om ons harte vir God uit te stort, is 'n geloofsdaad. Om Hom te vertrou, draai ons oë terug na sy krag en liefdevolle karakter. En om sy lof te verkondig, is hoe ons ons harte tot rus bring, en glo dat, ongeag wat ons op aarde in die gesig staar, niks kan vergelyk met die heerlikheid wat kom wanneer ons in die ewigheid by Hom is nie. Laat almal wat lewe sy heilige Naam loof, vir ewig!

## OORDENKING
WEEK 4

1. *Wat het jy God vir jou, sien doen? Wanneer het Hy vir jou sy belofte-vervullende karakter gewys?*

……………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………….

2. *Waarom is dit belangrik om te onthou wat God in die verlede gedoen het? Prys Hom vandag vir die manier waarop Hy getrou was aan jou.*

……………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………….

3. *Wat beteken dit om God se verlossing te vier? Is dit moontlik om sy verlossing te vier nog voordat jy dit sien gebeur het? Hoe kan jy God se verlossing vier, maak nie saak wat jy vandag in die gesig staar nie?*

……………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………….

4. *Watter rol speel berou in die praktyk van weeklaag? Waarom is berou belangrik in hierdie proses? Hoe is berou 'n vorm van aanbidding en lofprysing?*

……………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………….

5. *Dra 'n gebed van lof aan God op. Prys Hom vir sy getrouheid, sy heiligheid en sy onveranderlike aard.*

……………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………….



ingsplan

**OORBRUGGINGSPLAN**

*SOAP tussen studies*
*2 weke leesplan*

Het jy 'n standvastige daaglikse Bybelstudie roetine ontwikkel en jy wil dit nie onderbreek voordat ons nuwe studie begin nie? Op die volgende bladsye kan jy voortgaan met jou stiltetyd met ons aangewese Skrifgedeeltes en SOAP verse.





## LEESPLAN

### WEEK 1

- ○ *Maandag*
  Lees: Spreuke 10:1–10
  SOAP: Spreuke 10:2
- ○ *Dinsdag*
  Lees: Spreuke 10:11–25
  SOAP: Spreuke 10:12
- ○ *Woensdag*
  Lees: Spreuke 10:26–32
  SOAP: Spreuke 10:29
- ○ *Donderdag*
  Lees: Spreuke 11:1–9
  SOAP: Spreuke 11:2
- ○ *Vrydag*
  Lees: Spreuke 11:10–19
  SOAP: Spreuke 11:13

### WEEK 2

- ○ *Maandag*
  Lees: Spreuke 11:20–31
  SOAP: Spreuke 11:25
- ○ *Dinsdag*
  Lees: Spreuke 12:1–9
  SOAP: Spreuke 12:1
- ○ *Woensdag*
  Lees: Spreuke 12:10–16
  SOAP: Spreuke 12:14
- ○ *Donderdag*
  Lees: Spreuke 12:17–28
  SOAP: Spreuke 12:25
- ○ *Vrydag*
  Lees: Spreuke 13:1–12
  SOAP: Spreuke 13:12



*Haat verwek twis;*
*liefde bedek alles*
*wat aanstoot gee.*

*Spreuke 10:12*

## SOAP

WEEK 1 • MAANDAG

SOAP / *Spreuke 10:2*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

# SOAP

WEEK 1 • DINSDAG

**SOAP** / *Spreuke 10:12*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## SOAP

WEEK 1 • WOENSDAG

**SOAP** / *Spreuke 10:29*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## SOAP

WEEK 1 • DONDERDAG

**SOAP** / *Spreuke 11:2*

**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## SOAP

WEEK 1 • VRYDAG

**SOAP** / *Spreuke 11:13*

**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DANKBAAR

WEEK 1 • VRYDAG

*Skryf drie dinge neer waarvoor jy vandag dankbaar is en hoekom elkeen vir jou vreugde bring.*

### EEN

..................................................................................................

..................................................................................................

..................................................................................................

..................................................................................................

..................................................................................................

..................................................................................................

..................................................................................................

### TWEE

..................................................................................................

..................................................................................................

..................................................................................................

..................................................................................................

..................................................................................................

..................................................................................................

..................................................................................................

### DRIE

..................................................................................................

..................................................................................................

..................................................................................................

..................................................................................................

..................................................................................................

..................................................................................................

..................................................................................................

## OORDENKING

*Skryf 'n toepassing neer wat jy hierdie week uit jou SOAP studie geleer het en hoe jy dit hierdie week prakties in jou lewe gaan toepas.*



*Bekommernis druk 'n mens neer; 'n vriendelike woord vrolik hom op.*

*Spreuke 12:25*

## SOAP

WEEK 2 • MAANDAG

**SOAP** / *Spreuke 11:25*

**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## SOAP

WEEK 2 • DINSDAG

**SOAP** / *Spreuke 12:1*

**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## SOAP

WEEK 2 • WOENSDAG

**SOAP** / *Spreuke 12:14*

**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## SOAP

WEEK 2 • DONDERDAG

**SOAP** / *Spreuke 12:25*

**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION /** *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER /** *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

# SOAP

WEEK 2 • VRYDAG

**SOAP** / *Spreuke 13:12*

**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DANKBAAR

WEEK 2 • VRYDAG

*Skryf drie dinge neer waarvoor jy vandag dankbaar is en hoekom elkeen vir jou vreugde bring.*

### EEN

### TWEE

### DRIE

## OORDENKING

*Skryf 'n toepassing neer wat jy hierdie week uit jou SOAP studie geleer het en hoe jy dit hierdie week prakties in jou lewe gaan toepas.*





# Sluit By Ons Aan

**AANLYN**

*lovegodgreatly.com*
*lovegodgreatly.com/afrikaans*

**JOERNALE**

*lovegodgreatly.com/store*

**FACEBOOK**

*lovegodgreatly*
*lovegodgreatlyafrikaans*

**INSTAGRAM**

*@lovegodgreatlyofficial*
*@lovegodgreatlyafrikaans*

**APP**

*Love God Greatly*

**KONTAK ONS**

*info@lovegodgreatly.com*
*lovegodgreatlyafrikaans@gmail.com*

**SKAKEL BY ONS IN**

*#LoveGodGreatly*
*#LoveGodGreatlyAfrikaans*

## VIR JOU

## *Wat ons bied*

Meer as 30 Vertalings
Bybelleesplanne
Aanlyn Bybelstudie
Love God Greatly Toepassing
Meer as 200 Lande Bedien
Bybelstudie Joernale
Gemeenskapsgroepe
Love God Greatly Bybel
Love God Greatly Joernaal

## *Elke studie sluit in*

Drie Blogplasings per Week
Daaglikse Dagstukkies
Memoriseerverse
Weeklikse Uitdagings
Weeklikse Oordenkingsvrae
Oorbruggings Leesplan

## *Ander studies*

Die Grootste Geskenk
Geloof Bo Volmaaktheid
In Jesus Is Jy...
Vriendskap
In die Begin
Die Evangelie van Markus
Verlos van Skande
Ewige Verbond
Jesus, Ons Alles
Ken die Liefde
In Sy Krag: Gister en Vandag
Vrees en Angs
Opgestaan
Nader tot God
Saligsprekinge
Ester
Woorde Maak Saak
Wandel in Oorwinning
Laat Reg Geskied, Bewys Liefde En Trou,
Lewe Bedagsaam Voor Jou God
Getroue Liefde
Wees Dapper
Verlosser
Beloftes van God
Liefde Sonder Vooroordeel
Waarheid Oorwin
1 & 2 Tessalonisense
Vrees en Angs
Jakobus
Sy Naam Is...
Filippense
1 & 2 Timoteus
Toegewy
Rut
Gebroke en Verlos
Wandel in Wysheid
God Met Ons
Jy is Vergewe
Dawid
Prediker
Groei deur Gebed
Name van God
Galasiërs
Psalm 119
1 & 2 Petrus
Gemaak vir Verhoudings
Die Pad na Kersfees
Die Bron van Dankbaarheid
Jy is Geliefd